   2.2 Verordening insake die Openbare Oorlaste & oorlaste wat spruit uit die aanhou van diere, 2012.

   2.3 Verordening insake Begraafplase & Krematoria, 2008.

   2.4 Verordening insake Grondgebruikbeplanning, 2015.

   2.5 Verordening insake die Bestuur en Gebruik van Riviere, 2012.

2.6 Verordening insake Openbare Geriewe, 2012.

3. Dat die konsep gewysigde verordeninge in 'n werkswinkel aan die Raad voorgehou sal word.

4. Dat die konsep gewysigde verordeninge na afloop van die werkswinkel, soos bedoel in aanbeveling 2, gepubliseer en by wykskomitee vergaderings behandel word vir publieke kommentare en insette.

Voorstel Rdl ME Dayimani, sekondant Rdl T van den Berg

Die voorstel word eenparig as 'n besluit aanvaar.

HERSIENING VAN VERORDENINGE



WOENSDAG, 5 JUNIE 2019

AANGEBIED DEUR: DEON LEWIS / ANNALIZE VRIES





Verordening insake Begrafplase & Krematoria, 2008







Aanhangsel B

HERSIENING VAN VERORDENINGE



WOENSDAG, 5 JUNIE 2019

AANGEBIED DEUR: DEON LEWIS / ANNALIZE VRIES





Verordening insake Begrafplase & Krematoria, 2008







"Armlastige persoon" - 'n verlate persoon of persone wat nie familie of naasbestaandes het nie en geen persoon aanvaar verantwoordelikheid vir die begrawe van sodaige lyk nie;

"Begrafnisondernemer" beteken enige persoon, organisasie of regspersoon in die onderneming van die waardige beskikking van lyke teen vergoeding en wat by die Munisipaliteit geregistreer is en oor 'n bevoegdheidserifikaat beskik

"Gemagtigde beampte" 'n werknemer van die Munisipaliteit of 'n ander persoon wat deur die Munisipaliteit aangestel of gemagtig is om enige handeling, funksie of taak te verrig wat verband hou met aangeleenthede in hierdie Verordening vervat, of om enige bevoegdheid ingevolge hierdie Verordening uit te voer; en het 'beampte' 'n ooreenstemmende betekenis.

"graf ook-

Enige plek, hetsy in geheel of gedeeltelik bokant of onder die grond en hetsy vir private of openbare gebruik, waarin 'n lyk, of as, permanent begrawe word of daar voornemens is om dit permanent te laat begrawe, hetsy in 'n doodkis of ander houer; en Enige gedenksteenwerk van watter aard ook al wat deel vorm van of bykomend tot 'n graf is.

"Grafperseel" die afgebakende stuk grond binne 'n begraafplaas wat bedoel is vir die begrawe van 'n lyk

"Hulpbehoewende persoon" ook 'n behoeftige of 'n persoon wat nie familie en/of naasbestaandes het wat finansieel instaat is om hulle te kan begrawe nie en waar sodanige feit skriftelik bevestig word;

"Munisipale begraafplaas" 'n begraafplaas waarvan die beheer en eiendomsreg by die Munisipaliteit berus

"Munisipale krematorium" 'n krematorium waarvan die beheer en eiendomsreg by die Munisipaliteit berus

"Privaat begraafplaas" 'n begraafplaas waarvan die beheer en eiendomsreg by 'n privaat persoon of liggaam rus;

"Privaat krematorium" 'n krematorium waarvan die beheer en eiendomsreg by die Munisipaliteit berus;

Sluiting van Begrafplase

Die Munisipaliteit kan enige munisipale begraafplaas of gedeelte daarvan sluit.

Die Munisipaliteit publiseer die beoogde sluiting van 'n munisipale begraafplaas of gedeelte daarvan eenmalig in een nasionale en een plaaslike nuusblad en die Provinsiale Koerant en sodanige begraafplaas of gedeelte word, behoudens die bepalings van sub-artikel (3), geag gesluit te wees drie maande na die datum van publikasie van sodanige sluiting

Die Munisipaliteit kan, ondanks die sluiting van 'n munisipale begraafplaas of gedeelte daarvan, maar behoudens die voorwaardes wat dit nodig ag, toelaat dat lyke in bepaalde familie persele in sodanige begraafplaas of gedeelte daarvan begrawe word.

Behoudens sub-artikel (3), mag niemand enige lyke begrawe in 'n munisipale begraafplaas of gedeelte daarvan wat gesluit is ingevolge sub-artikel (1), of in 'n familie perseel in stryd met enige voorwaardes bepaal ingevolge sub- artikel (3) nie.

Alternatiewe vir teraardebestelling

Indien daar, genoodsaak deur die vereistes van die omgewing, 'n tekort aan grond vir begrafnisdoeleindes, en ondergeskik aan die bepalings van enige ander wet ten opsigte van die regte van persone, mag die munisipaliteit versoek dat enige metode anders as 'n begrafnis gebruik word om oor 'n lyk te beskik.

Toegangsure vir publiek

Elke begraafplaas is oop vir die publiek gedurende die ure wat deur die munisipaliteit bepaal word, maar indien dit in die belang van die publiek is, mag die Munisipaliteit 'n begraafplaas of krematorium of deel daarvan, vir die publiek sluit vir sodanige tye as wat nodig mag wees. Die ure is soos volg:

Maandae – Vrydae: 08:00 – 18:00

Saterdae en Sondae: 08:00 – 18:00

Publieke Vakansiedae: 08:00 – 18:00

Geen persoon, uitgesluit werkers en persone met toestemming, mag in of aanbly in 'n begraafplaas of krematorium of deel daarvan voor of na die ure gemeld in subartikel (I) nie, of gedurende die tye wat dit vir die publiek gesluit is nie.

Verbode optrede binne Begrafplase en crematoria

Niemand mag -

- In 'n begrafplaas of krematoria n steurnis of 'n oorlas veroorsaak of skep of veroorsaak dat 'n steurnis of oorlas geskep word nie;
- 'n munisipale begrafplaas binnegaan of verlaat nie behalwe deur die hekke wat daarvoor voorsien is;
- 'n begrafplaas of krematoria as deurgang of deurloop gebruik nie.
- Op enige gedenksteenwerk, hek, muur, heining of gebou in 'n munisipale begrafplaas sit of staan of daarop of daaroor klim nie;
- 'n lykswa of enige ander voertuig in 'n munisipale begrafplaas bestuur nie behalwe op die paaie wat daarvoor voorsien is;
- In 'n munisipale begrafplaas blomme, kranse, houers of enige iets anders vanaf 'n graf verwyder of pluk nie;

Geen lyk mag vervoer word –

Behalwe in 'n geskikte, doelgemaakte kis, houer of lyksak;

- Op 'n onbetaamlike wyse;
- Op 'n wyse dat die lyk sigbaar is;
- Sonder vooraf toestemming van die Opsigter waar die Vervoer van die lyk op 'n ander wyse moet plaasvind vanwee ander tradisie, begrafnisgebruike en -vereistes.
- Die Opsigter mag wat begrafplase en krematoriums betref, lasgewing gee wat nagekom moet word ten opsigte van die –
- Uitvoering en kwaliteit van enige werk verrig;
- Beweging en parkering van voertuie;
- Gedrag en beheer van enige seremonie en stoet;
- Plasing van structure, sitplek, klank versterkings apparat en volume daarvan en enige ander toerusting wat by die seremonie en stoet gebruik word;
- Die beperking van die tydsduur van 'n seremonie of stoet;
- Algemene gedrag of ander aspek wat nodig mag wees vir die veiligheid of goeie orde, waardigheid en sereniteit.

HOOFSTUK 3: ALGEMENE BEPALINGS IN VERBAND MET TERAARDEBESTELLINGS

12.Magtiging om te begrawe

(1) Niemand mag 'n lyk in die munisipale gebied begrawe anders as in 'n begraafplaas nie.

(2) Niemand mag 'n lyk in 'n munisipale begraafplaas begrawe nie, behalwe –

(a) met die skriftelike toestemming van die Opsigter

(b) in ooreenstemming met die voorwaardes gemeld in sodanige skriftelike toestemming/ sertifikaat.

(3) (a) 'n Aansoeker om toestemming ingevolge sub-artikel (2) moet die Opsigter met die volgende voorsien-

(i) 'n sterfte sertifikaat of sertifikaat van doodgeboorte;

(ii) 'n begrafnisorder;

(iii) bewys dat die toepaslike gelde bepaal betaal is; en

(iv) sodanige inligting wat die Opsigter vereis

(v) enige ander dokumentasie deur wetgewing voorgeskryf

(b) en waar van toepassing-

(i) besonderhede van kulturele of godsdienstige gebruike wat ter sprake is;

(ii) 'n beëdigde verkalring van 'n naasbestaande of waar nie prakties moontlik, 'n familielid wat toestemming verleen vir die beskikking oor die lyk op die wyse versoek.

(c) en in die geval van 'n begrafnisondernemer-

(i) 'n afskrif van sy geldende registrasie- en bevoegdheids-sertifikaat soos in artikel 24 bedoel;

(ii) waar die begrafnisorder deur die ondernemer uitgereik is, 'n afskrif van bewys in terme van artikel 4 van die Wet op Geboortes, Sterftes en Huwelike, 1992 (Wet 51 van 1992)

(4) 'n Graf moet by die Munisipaliteit bespreek word-

(a) 'n minimum van 48 uur voor die begrafnis wat gedurende weeksdae plaasvind; en

(b) 'n minimum van 72 uur voor begrafnisse wat oor naweke plaasvind.

(5) Indien die graf perseel voor die inwerkingtreding van hierdie Verordening gereserveer was, moet die betrokke dokumente en betalingsadvies daarvan vertoon word.

(6) (a) In elke geval waar die begrawe van 'n lyk gemagtig is, word die graf deur die Munisipaliteit genommer of 'n nommer toegeken vir die aanbring daarvan en mag niemand 'n lyk in enige ander graf as die wat die Munisipaliteit vir sodanige doel toegewys het, begrawe nie.

(b) Enige permanente gedenksteenwerk wat op die graf geplaas word, moet die toegekende grafnommer in duidelike en permanente wyse op die linker onderkant vertoon.

(7) (a) Behoudens die bepalings van artikel 23(7), kan daar in die geval van 'n gesin meer as een lyk in een enkel graf begrawe word, met dien verstande dat daar nie meer as twee doodskiste gebruik word nie en verder dat die deksel van die boonste doodskis in geen geval minder as 1050mm van die grond oppervlak af is nie.

(b) Waar meer as een lyk in dieselfde kis geplaas word, moet elke lyk in 'n lyksak wees.

(8) Geen persoon mag 'n lyk begrawe in 'n doodskis wat nie van bederfbare material gemaak is nie.

(9) Die Munisipaliteit behou die reg voor om inhoud van 'n kis te ondersoek, voor die teraardebestelling daarvan.

Begrawe of Verassing van Hulpbehoewendes

Kriteria

Die Raad moet kriteria ingevolge waarvan die Munisipaliteit die koste dra vir die begrawe van 'n hulpbehoewende persoon, opstel.

Begrafnis van 'n hulpbehoewende en 'n armlastige persoon

(1) 'n Persoon mag by die Munisipaliteit aansoek doen vir die begrawe of verassing van 'n lyk van 'n hulpbehoewende persoon en moet bewys lewer dat die oorledene aan die status as hulpbehoewende kragtens artikel 18 voldoen. Die aansoeker en enige naasbestaandes moet enige voorwaardes deur die Munisipaliteit bepaal, aanvaar.

(2) Die Opsigter kan besluit of die lyk van 'n hulpbehoewende persoon begrawe of veras of andersins oor beskik moet word.

(3) Die Opsigter mag, indien die as van 'n hulpbehoewende persoon nie binne drie (3) maande opgeëis word nie, die as in 'n graf begrawe of in 'n tuin van herinnering gestrooi word.

(4) (a) Onderhewig aan die Wet op Nasionale Gesondheid, Wet 61 van 2003, en artikel 10 van die Wet op Menslike Weefsel, Wet 65 van 1983, mag die lyk van 'n armlastige persoon of 'n onopgeëiste lyk, begrawe, veras of andersins oor beskik word;

(b) Die lyk van 'n persoon soos in sub-artikels (1) en (4)(a) bedoel –

(i) mag in enige graf, of in die grasperk afdeling begrawe word;

(ii) ondanks die bepalings van artikel 9(7)(a) kan 'n total van drie sodanige lyke in een graf begrawe word;

(iii) slegs gedenksteenwerk soos in sub-artikel 5(a) bedoel, mag op sodanige graf geplaas word;

(iv) by verassing moet die Opsigter die as vir 'n periode van drie maande in bewaring hou waarna dit in 'n graf begrawe of in 'n tuin van herinnering gestrooi word, indien nie opgeëis nie,

(5) (a) Die grafte in die grasperk afdeling moet gemerk word deur 'n plaket en grafnommer en waar bekend besonderhede van die persoon en datums van afsterwe en begrafnis.

(b) Volledige besonderhede wat beskikbaar is, moet onverwyld in die register soos in artikel 12 bedoel aangeteken word.

(c) Die spasie tussen die grafte mag nader aan mekaar wees en waar nodig of gepas, mag daar van die bepaling van artikel 13 afgewyk word.

HOOFSTUK 4: TERAARDEBESTELLING

Graf persele en grafte

(1) Die Munisipaliteit moet graf persele ooreenkomstig 'n goedgekeurde uitlegplan afbaken.


(2) Niemand mag –

(a) 'n lyk begrawe, tensy die graf van so 'n diepte is dat die bokant van die lyk, of as dit in 'n kis of houer is, die bokant van die kis of houer, nie minder is as 1 050 mm onder die oppervlak van die grond nie wanneer die graf opgevul is;

(b) onderhewig aan die bepalings van artikel 23(7), meer as een lyk in 'n graf begrawe nie, tensy die graf tot so 'n diepte gegrawe is data an sub-artikel (a) asook artikel 9(7) voldoen kan word en dat die eerste lyk, of as daardie lyk in 'n kis of houer is, sodanige kis of houer bedek word met 100mm gewapende beton of 300mm grond wanneer die tweede lyk begrawe word; of

(c) 'n lyk van 'n graf verwyder met die doel om sodanige graft e vergroot nie.

(3) In gevalle waar dieper, langer of wyer grafte as die standaardmates ir graf persele verlang word, moet daar minstens 48uur voor die begrafnis plaasvind, aansoek by die Opsigter gedoen word, en 'n addisionele fooi mag gehef word.



(4) Die standaardmates vir grafte is:

(a) Volwassenes (een lyk): 774

(i) Lengte: 2 200mm

(ii) Breedte: 1 200mm

(iii) Diepte: 1 800mm

(b) Volwassenes (twee lyke)

(i) Lengte: 2 200mm

(ii) Breedte: 1 200mm

(iii) Diepte: 2 400mm

(c) Kinders:

(i) Lengte: 1 350mm

(ii) Breedte: 600mm

(iii) Diepte: 1 500mm

(5) (a) Die persoon soos bedoel in artikel 9(3), of die persoon wat die graf gegrawe het, moet na afloop van die begrafnis die omgewing om die graf, insluitend die paadjies en grafte, netjies maak en alle los grond, oorblyfsels of ander materiaal of wat blootgelê is, opruim.

(b) Die verantwoordelike persoon wat die begrafnis reël moet redelike stappe doen om skade aan omringende grafte en gedenksteenwerk te verhoed tydens die begrafnis of seremonie, of die insorting van die grafkante voorkom en gepaste stappe doen om 'n instorting te verhoed.

HOOFSTUK 5: OPGRAWING VAN LYK EN HER-OOPMAAK VAN GRAF

Bepalings vir die opgrawing, verstoring, verwydering of herbegrawe van lyke

19 (1) Behoudens die bepalings van enige hofbevel of ander wetgewing met betrekking tot die opgrawing of beskikking oor lyke, mag niemand enige lyk in'n begraafplaas opgrawe, verstoor, verwyder of herbegrawe of duld of toelaat dat enige sodanige lyk opgegrawe, verstoor, verwyder of herbegrawe word nie-

(a) sonder die vooraf verkreë skriftelike goedkeuring van die Munisipaliteit;en

(b) in stryd met enige ander wetgewing of sodanige voorwaardes wat die Munisipaliteit en/of enige mediese praktisyn, deur die Munisipaliteit aangestel aangestel, mag bepaal.

(2) Niemand mag 'n lyk opgrawe, verstoor, verwyder of herbegrawe tensy 'n gemagtigde werknemer van die Munisipaliteit of die Opsigter en 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie, nie teenwoordig is nie.

(3) (a) Niemand mag 'n lyk opgrawe, verstoor, verwyder of herbegrawe tensy die relevante graf tydens die proses, indien die Munisipaliteit dit vereis, doeltreffend afgeskerm is nie.

(b) Die persoon verantwoordelik vir die opgrawing van die lyk moet 'n toepaslike houer vir die verwydering van die lyk of oorskot gebruik.

(4) Onderhewig aan die bepalings van 'n hof- of opgrawingsbevel in terme van enige Wet, moet enige persoon wat die skriftelike goedkeuring beoog by sub-artikel (1) wil verkry, skriftelik daarom aansoek doen en moet-

(a) in sodanige aansoek-

(i) meld waar die lyk wat opgegrawe, verstoor, verwyder of herbegrawe gaan word, begrawe is en indien en waar sodanige lyk volgens voorneme herbegrawe gaan word;

(ii) die redes meld vir die voorgenome opgrawing, versteuring, verwydering of herbegrawe; en

(iii) die voorgenome metodes en voorsorgmaatreëls meld, wat aangewend en getref gaan word, om te voorko dat enige gesondheidsgevaar of oorsaak tot oorlas ontstaan; en

(b) saam met sodanige aansoek-

(i) 'n mediese sertifikaat aangaande die datum en oorsaak van dood of 'n gewaarmerkte afskrif van so 'n sertifikaat indien;

(ii) waar die lyk in 'n graf buite die munisipale gebied herbegrawe gaan word die skriftelike goedkeuring indien van-

(aa) die Munisipaliteit in wie se regsgebied die betrokke lyk volgens voorneme herbegrawe gaan word;

(bb) in die geval van 'n privaat begraafplaas, di eienaar of ander persoon in beheer van sodanige begraafplaas waar die betrokke lyk volgens voorneme herbegrawe gaan word;

(iii) Ondersteunende dokumentasie soos deur wetgewing vereis mag word.

(iv) die skriftelike goedkeuring van 'n familielid en indien daar geen sodanige oorlewende familie is nie, die naaste beskikbare volwasse familiebetrekking van die betrokke oorledene.

(5) Waar 'n mediese sertifikaat of enige skritelike goedkeuring by sub-artikel (4) beoog, nie verkry word of kan word, of nie verleen word nie, moet die skriftelike aansoek in die sub-artikel beoog, vergesel gaan van-

(a) volledige besonderhede van die pogings wat aangewend is om sodanige sertifikaat of goedkeuring te verkry; en

(b) volledige redes waarom die onvermoë om sodanige setifikaat of goedkeuring te verkry, nie die verlenging van skriftelike goedkeuring ingevolge sub-artikel (1) behoort te belet nie.

(6) Die Munisipaliteit kan, voordat daar volgens enige goedkeuring ingevolge sub-artikel (1) gehandel word-

(a) enige voorwaardes aldus gestel, wysig, aanpas of skrap; en

(b) bykomende voorwaardes ten opsigte van sodanige goedkeuring stel.

(7) Geen persoon mag 'n graf oopmaak vir die doel om 'n tweede lyk in dieselfde graf ter aarde te bestel nie tensy-

(a) die graf aanvanklik vir hierdie doel dieper gemaak is;

(b) indien nie dieper gemaak is nie, dan slegs nadat 10 jaar verloop het sedert die teraardebestelling van die eerste lyk;

(c) vir die doeleindes om 'n houer bevattende as te begrawe, die diepte nie 300mm oorskry nie; en

(d) die toestemming van die Munisipaliteit verkry is, en

(e) die gelde voorgeskryf deur die Munisipaliteit, indien toepaslik, betaal is.

(8) Indien 'n lyk in oortreding van die bepalings van hierdie Verordening begrawe is, mag die Munisipaliteit, nieteenstaande die bepalings van artikel 23(1), die lyk opgrawe en in 'n ander graf herbegrawe nadat die naasbestaandes van die oorledene verwittig is van die voorgenome proses en die geleentheid gebied is om teenwoordig te wees.

HOOFSTUK 6 : VERSORGING VAN GRAFTE

Onderhoud aan grafte en graf persele

die persoon in artikel 9(3) bedoel, of die houer van 'n reg om in 'n perseel in 'n munisipale begraafplaas begrawe te word, moet daardie perseel en die gedenksteenwerk en ander bouwerk daarop in 'n goeie toestand hou.

Die Munisipaliteit mag, op aansoek van 'n persoon bedoel in sub-artikel (1) en by betaling van die gelde deur die Munisipaliteit voorgeskryf, onderneem om enige graf vir enige tydperk te onderhou.

Die Munisipaliteit mag in sy diskresie onderneem om enige graf vir enige tydperk op sy eie onkoste te onderhou.

Niemand mag-

Sonder die toestemming van die Opsigter 'n boom of struik op 'n graf perseel plant nie;

Material, wat tydens doe skoonmaak van 'n graf perseel in die munisipale begraafplaas verwyder word, op enige ander plek in die begraafplaas as die wat vir sodanige doel verskaf is nie.

(a) die Opsigter kan gras, enige struik, plant of blom in 'n munisipale begraafplaas snoei, afsny, laat uithaal of verwyder wat na sy oordeel onooglik is, of wat vir ordelike instandhouding nodig mag wees.

'n Opsigrer mag natuurlike of kunsblomme en enige houer of ander voorwerp wat op 'n graf geplaas is, verwyder indien dit verdroog, verflenterd of beskadig is.

Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige verlies of skade aan enige gedenksteenwerk of enige voorwerp wat op enige graf perseel geplaas is nie en ook nie vir enige vergoeding ten opsigte van enige gedenksteenwerk wat vir welke rede ook al verwyder of herstel is nie.

Verwaarlosede gedenksteenwerk

Wanneer ook al die persoon wat 'n gedenksteenwerk in 'n munisipale begraafplaas opgerig het toelaat dat dit sodanig verval, as wat na die oordeel van die Opsigter 'n gevaar inhou of wat die munisipale begraafplaas ontsier, mag die Opsigter by skriftelike kennisgewing aan die persoon se laaste bekende adres, en van hom vereis om sodanige herstelwerk te verrig wat in die kennisgewing vermeld word, en waar die adres van sodanige persoon onbekend is, moet die kennisgewing vir twee agtereenvolgende weke eenmalig in 'n koerant wat in die gebied versprei word gepubliseer word.

Die Munisipaliteit kan by versuim om die vereiste herstelwerk binne drie maande vanaf betokening of publikasie van die kennisgewing te doe, die herstelwerk doen of die gedenksteenwerk verwyder sonder om vergoeding te betaal en mag die koste vir sodanige herstelwerk of verwydering van sodanige persoon verhaal indien moontlik.

HOOFSTUK 10: PRIVATE Begrafplase

Oorname van privaat Begrafplase deur die Munisipaliteit

Die Munisipaliteit kan enige privaat begraafplaas binne sy gebied oorneem op bepaalde vereistes en voorwaardes.

Alvorens die Raad besluit om'n privaat begraafplaas oor te neem moet die Munisipaliteit se voorneme om sodanige privaat begraafplaas oor te neem, adverteer word en die publiek uitgenooi word om kommentaar aan die Munisipaliteit voor te lê.

By die oorname van 'n privaat begrafplaas deur die Munisipaliteit ingevolge hierdie artikel –

- Berus die eiendomsreg op alle roerende en onroerende goed en ander bates in verband met sodanige begrafplaas, behoudens enige trusts of voorwaardes, by die Munisipaliteit;
- Is alle inkomste en ander gelde wat betaalbaar of verhaalbaar is ten opsigte van sodanige begrafplaas , betaalbaar aan en verhaalbaar deur die Munisipaliteit;
- Gaan alle ander regte en voorregte en alle laste en verpligtinge ten opsigte van sodanige begrafplaas oor op die Munisipaliteit en die Munisipaliteit kan voortgaan om alle regsgedinge ingestel ten opsigte van sodanige begrafplas voort te sit en te verdedig en alle dinge te doen wat nodig of dienstig is in verband met sodanige gedinge; en
- Verkry die Munisipaliteit die beheer en bestuur van sodanige begrafplaas.

Strafbepalings

(1) Enige persoon wat voortgaan om 'n oortreding te pleeg nadat kennis aan hom gegee is om voorsetting van die oortreding te staak, of nada thy skuldig bevins is aan 'n sodanige oortreding en daarmee voortgaan, is skuldig aan 'n voortdurende oortreding.

(2) Enige persoon wat enige bepaling van hierdie Verordening oortree of wat versuim om aan enige bepaling daarvan te voldoen of 'n kennisgewing of voorwaarde in terme van hierdie Verodening oortree of versuim om daaraan te voldoen, 'n valse verklaring maak, of valse, onjuiste of misleidende inligting verstrek, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding-

(a) strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf of beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf, en

(b) in die geval van 'n voortdurende misdryf met 'n addisionele boete of 'n addisionele tydperk van gevangenisstraf of sodanige addisionele gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete of beide sodanige addisionele boete en gevangenisstraf vir elke dag wat sodanige misdryf voortduur; en

(c) 'n vergoedingsbevel gelyk aan enige koste en uitgawes wat na bewering van die horf, deur die Munisipaliteit aangegaan is as gevolg van sodanige oortreding of versuim.

Verordening insake Begraafplase & Krematoria



18 September 2025

André Hansen

Spesialis: Vaste afval Bestuur, Publieke fasiliteite en Geriewe

Hersiening van verordeninge

Die Raad het hul voorneme bevestig dat die hersieningsproses vir die verordeninge wat aangepas moet word, in aanvang moet neem:



- 6 Verordeninge is tydens 'n werkswinkel met die raad bespreek en die nuwe voorgestelde Verordeninge insake Begraafplase en Krematoria is volledig behandel.
- Enkele wysigings moes aangebring word om ondertsaande Verordening te vervang.
- **Verordening insake Begraafplase & Krematoria, 2008.**

Belangrike woordomskrywings

"Armlastige persoon"- **'n verlate persoon of persone wat nie familie of naasbestaandes het nie en geen persoon aanvaar verantwoordelikheid vir die begrawe van sodanige lyk nie;**

"Begrafnisondernemer" beteken enige persoon, organisasie of regspersoon in die onderneming van die waardige beskikking van lyke teen vergoeding en wat by die Munisipaliteit geregistreer is en oor 'n bevoegdheidserifikaat beskik.

"Gemagtigde beampte" **'n werknemer van die Munisipaliteit of 'n ander persoon wat deur die Munisipaliteit aangestel of gemagtig is om enige handeling, funksie of taak te verrig wat verband hou met aangeleenthede in hierdie Verordening vervat, of om enige bevoegdheid ingevolge hierdie Verordening uit te voer; en het 'beampte' 'n ooreenstemmende betekenis.**

"Graf ook-

Enige plek, hetsy in geheel of gedeeltelik bokant of onder die grond en hetsy vir private of openbare gebruik, waarin 'n lyk, of as, permanent begrawe word of daar voornemens is om dit permanent te laat begrawe, hetsy in 'n doodkis of ander houer.

Enige gedenksteenwerk van watter aard ook al wat deel vorm van of bykomend tot 'n graf is.

"Grafperseel" die afgebakende stuk grond binne 'n begraafplaas wat bedoel is vir die begrawe van 'n lyk.

Woordomskrywings vervolg

- **"Hulpbehoewende persoon" ook 'n behoeftige of 'n persoon wat nie familie en/of naasbestaandes het wat finansieel instaat is om hulle te kan begrawe nie en waar sodanige feit skriftelik bevestig word.**

- **"Munisipale begraafplaas" 'n begraafplaas waarvan die beheer en eiendomsreg by die Munisipaliteit berus.**

- **"Munisipale krematorium"** 'n krematorium waarvan die beheer en eiendomsreg by die Munisipaliteit berus.

- **"Privaat begraafplaas"** 'n begraafplaas waarvan die beheer en eiendomsreg by 'n privaat persoon of liggaam rus.

- **"Privaat krematorium"** 'n krematorium waarvan die beheer en eiendomsreg by die Munisipaliteit berus.



Sluiting van Begraafplase

- **Die Munisipaliteit kan enige munisipale begraafplaas of gedeelte daarvan sluit.**
- **Die Munisipaliteit publiseer die beoogde sluiting van 'n munisipale begraafplaas of gedeelte daarvan eenmalig in een Nasionale en een Plaaslike nuusblad en die Provinsiale Koerant en sodanige begraafplaas of gedeelte word, behoudens die bepalings van sub-artikel (3), geag gesluit te wees drie maande na die datum van publikasie van sodanige sluiting.**
- **Die Munisipaliteit kan, ondanks die sluiting van 'n munisipale begraafplaas of gedeelte daarvan, maar behoudens die voorwaardes wat dit nodig ag, toelaat dat lyke in bepaalde familie persele in sodanige begraafplaas of gedeelte daarvan begrawe word.**
- Behoudens sub-artikel (3), mag niemand enige lyke begrawe in 'n munisipale begraafplaas of gedeelte daarvan wat gesluit is ingevolge sub-artikel (1), of in 'n familie perseel in stryd met enige voorwaardes bepaal ingevolge sub- artikel (3) nie.



Alternatiewe vir teraardebestelling

Indien daar, genoodsaak deur die vereistes van die omgewing, 'n tekort aan grond vir begrafnisdoeleindes, en ondergeskik aan die bepalings van enige ander wet ten opsigte van die regte van persone, mag die munisipaliteit versoek dat enige metode anders as 'n begrafnis gebruik word om oor 'n lyk te beskik.

Administrasie en afdwinging

a) **Direkteur Tegniese Dienste (DTD) is verantwoordelik vir die administrasie en afdwinging van die Verordening.**

b) **DTD moet bevoegde beampte aanstel as Opsigter** in **beheer van administrasie** van begraafplase, krematoriums of ander fasiliteite van beskikking van lyke.

c) **DTD** kan sy **bevoegdhede delegeer** aan bevoegde beampte in sy /haar Direktoraat.

d) **Opsigter kan met goedkeuring van DTD** sy / haar **bevoegdhede delegeer** aan beampte van die Munisipaliteit

Toegangsure vir publiek

Elke begraafplaas is **oop vir die publiek gedurende die ure wat deur die munisipaliteit bepaal word**, maar indien dit in die belang van die publiek is, **mag die Munisipaliteit 'n begraafplaas of krematorium of deel daarvan, vir die publiek sluit vir sodanige tye as wat nodig mag wees.** Die ure is soos volg:

Maandae – Vrydae: 08:00 – 18:00

Saterdae en Sondae: 08:00 – 18:00

Publieke Vakansiedae: 08:00 – 18:00

Geen persoon, uitgesluit werkers en persone met toestemming, mag in of aanbly in 'n begraafplaas of krematorium of deel daarvan voor of na die ure gemeld in subartikel (I) nie, of gedurende die tye wat dit vir die publiek gesluit is nie.

Met spesiale toestemmings mag die raad toestemming verleen dat persone die begraafplaas besoek na ure indien daar 'n grondige rede daarvoor bestaan. Vooraf skriftelike toestemmings moet ten minste 24 uur voordat die besoek sal plaasvind by die Munisipale Bestuurder of Direkteur Tegniese Dienste verkry word.

Verbode optrede binne Begraafplase en Krematoria

Niemand mag -

- **In 'n begraafplaas of krematoria n steurnis of 'n oorlas veroorsaak** of skep of veroorsaak dat 'n steurnis of oorlas geskep word nie;
- 'n Munisipale **begraafplaas binnegaan of verlaat nie behalwe deur die hekke** wat daarvoor voorsien is;
- 'n Begraafplaas of krematoria **as deurgang of deurloop gebruik nie.**
- **Op enige gedenksteenwerk, hek, muur, heining of gebou in 'n munisipale begraafplaas sit of staan of daarop of daaroor klim nie.**
- **'n Lykswa of enige ander voertuig in 'n munisipale begraafplaas bestuur nie behalwe op die paaie wat daarvoor voorsien is.**
- **In 'n munisipale begraafplaas blomme, kranse, houers of enige iets anders vanaf 'n graf verwyder of pluk nie.**
- **Kyk nog hierna.....**

Geen lyk mag vervoer word –

Behalwe in 'n **geskikte, doelgemaakte kis, houer of lyksak**;

- Op 'n **onbetaamlike wyse**;
- Op 'n **wyse dat die lyk sigbaar is**;
- **Sonder vooraf toestemming van die Opsigter waar die vervoer van die lyk op 'n ander wyse moet plaasvind vanweë ander tradisie, begrafnisgebruike en -vereistes.**
- Die **Opsigter mag** wat begraafplase en krematoriums betref, **lasgewing gee wat nagekom moet word** ten opsigte van die –
- Uitvoering en kwaliteit van enige werk verrig;
- Beweging en parkering van voertuie;
- **Gedrag en beheer van enige seremonie en stoet;**
- Plasing van strukture, sitplek, klank versterkings apparaat en volume daarvan en enige ander toerusting wat by die seremonie en stoet gebruik word;
- Die **beperking van die tydsduur** van 'n **seremonie** of stoet;
- **Algemene gedrag of ander aspek wat nodig mag wees vir die veiligheid of goeie orde, waardigheid en sereniteit.**

HOOFSTUK 3: ALGEMENE BEPALINGS IN VERBAND MET TERAARDEBESTELLINGS

Art 12. Magtiging om te begrawe.

(1) Niemand mag 'n **lyk** in die munisipale gebied **begrawe anders as in 'n begraafplaas nie**.

(2) **Niemand mag 'n lyk in 'n munisipale begraafplaas begrawe nie, behalwe –**

(a) **met die skriftelike toestemming van die Opsigter**

(b) in ooreenstemming met die voorwaardes gemeld in **sodanige skriftelike toestemming/ sertifikaat.**

(3) **(a)** 'n **Aansoeker** om toestemming ingevolge sub-artikel (2) moet die **Opsigter met die volgende voorsien-**

(i) 'n **sterfte sertifikaat of sertifikaat van doodgeboorte**;

(ii) 'n **begrafnisorder**;

(iii) bewys dat die **toepaslike gelde bepaal betaal is**; en

(iv) sodanige inligting wat die Opsigter vereis

(v) enige **ander dokumentasie deur wetgewing voorgeskryf**

(b) en **waar van toepassing-**

(i) **besonderhede van kulturele of godsdienstige gebruike wat ter sprake is;**

(ii) 'n **beëdigde verklaring van 'n naasbestaande of** waar nie prakties moontlik, '**n familielid** wat **toestemming verleen vir die beskikking oor die lyk op die wyse versoek**.

(c) en **in die geval van 'n begrafnisondernemer-**

(i) 'n afskrif van sy **geldende registrasie- en bevoegdheids-sertifikaat** soos in artikel 24 bedoel;

(ii) waar die begrafnisorder deur die ondernemer uitgereik is, 'n afskrif van bewys in terme van artikel 4 van die Wet op Geboortes, Sterftes en Huwelike, 1992 (Wet 51 van 1992)

(4) '**n Graf moet by die Munisipaliteit bespreek word-**

(a) 'n minimum van **48 uur voor die begrafnis** wat gedurende **weeksdae** plaasvind; en

(b) 'n minimum van **72 uur voor begrafnisse wat oor naweke** plaasvind.

(5) Indien die **graf perseel voor die inwerkingtreding van hierdie Verordening gereserveer was**, moet die **betrokke dokumente en betalingsadvies daarvan vertoon word**.

(6)(a) **In elke geval waar die begrawe van 'n lyk gemagtig is**, word die **graf** deur die Munisipaliteit **genommer** of 'n nommer toegeken vir die aanbring daarvan en mag **niemand 'n lyk in enige ander graf as die wat die Munisipaliteit vir sodanige doel toegewys het, begrawe nie.**

(b) Enige permanente gedenksteenwerk wat op die graf geplaas word, moet die toegekende grafnommer in duidelike en permanente wyse op die linker onderkant vertoon.

(7)(a) Behoudens die bepalings van artikel 23(7), **kan daar** in die geval van 'n **gesin meer as een lyk in een enkel graf begrawe word, met dien verstande dat daar nie meer as twee doodskiste gebruik word nie en verder dat die deksel van die boonste doodskis in geen geval minder as 1050mm van die grond oppervlak af is nie.**

(b)Waar **meer as een lyk in dieselfde kis** geplaas word, moet elke lyk in 'n **lyksak wees**.

(8) Geen persoon mag 'n **lyk begrawe in 'n doodskis wat nie van bederfbare materiaal** gemaak is nie.

(9) Die **Munisipaliteit** behou die reg voor om **inhoud** van 'n **kis te ondersoek**, voor die teraardebestelling daarvan.

Begrawe of Verassing van Hulpbehoewendes

(Deernis beleid reeds gewerkswinkel met raad)

Kriteria

Die Raad moet kriteria ingevolge waarvan die Munisipaliteit die koste dra vir die begrawe van 'n hulpbehoewende persoon, opstel.

Begrafnis van 'n hulpbehoewende en 'n armlastige persoon

(1) 'n Persoon mag by die Munisipaliteit aansoek doen vir die begrawe of verassing van 'n lyk van 'n hulpbehoewende persoon en moet **bewys lewer dat die oorledene aan die status as hulpbehoewende** kragtens artikel 18 **voldoen**. Die aansoeker en enige naasbestaandes moet enige voorwaardes deur die Munisipaliteit bepaal, aanvaar.

(2) Die **Opsigter kan besluit of die lyk** van 'n hulpbehoewende persoon **begrawe of veras of andersins oor beskik moet word**.

(3) Die Opsigter mag, indien die as van 'n hulpbehoewende persoon nie binne drie (3) maande opgeëis word nie, die as in 'n graf begrawe of in 'n tuin van herinnering gestrooi word.

(4)(a) Onderhewig aan die **Wet op Nasionale Gesondheid, Wet 61 van 2003**, en **artikel 10 van die Wet op Menslike Weefsel, Wet 65 van 1983, mag die lyk van 'n armlastige persoon of 'n onopgeëiste lyk, begrawe, veras of andersins oor beskik word**;

(b) Die lyk van 'n persoon soos in sub-artikels (1) en (4)(a) bedoel –

(i) mag in **enige graf**, of in die **grasperk** afdeling begrawe word;

(ii) ondanks die bepalings van artikel 9(7)(a) kan 'n **totaal van drie sodanige lyke in een graf begrawe word**;

(iii) slegs gedenksteenwerk soos in sub-artikel 5(a) bedoel, mag op sodanige graf geplaas word;

(iv) by **verassing** moet die Opsigter die **as vir 'n periode van drie maande in bewaring hou waarna dit in 'n graf begrawe of in 'n tuin van herinnering gestrooi word, indien nie opgeëis nie,**

(5)(a) Die **grafte in die grasperk** afdeling **moet gemerk** word deur 'n plaket en **grafnommer** en waar bekend **besonderhede van die persoon en datums van afsterwe** en begrafnis.

(b) **Volledige besonderhede** wat beskikbaar is, moet onverwyld in die **register** soos in artikel 12 bedoel **aangeteken word**.

(c) Die **spasie tussen die grafte mag nader aan mekaar wees** en waar nodig of gepas, mag daar van die bepaling van artikel 13 afgewyk word.

HOOFSTUK 4: TERAARDEBESTELLING

Graf persele en grafte

(1) Die **Munisipaliteit moet graf persele** ooreenkomstig 'n **goedgekeurde uitlegplan afbaken.**

(2) **Niemand mag –**

(a) 'n **lyk begrawe**, tensy die graf van so 'n diepte is dat die **bokant van die lyk**, of as dit in 'n kis of houer is, die bokant van die kis of houer, nie minder is as **1050 mm onder die oppervlak van die grond** nie wanneer die graf opgevul is;

(b) onderhewig aan die bepalings van artikel 23(7), **meer as een lyk in 'n graf begrawe nie, tensy** die graf tot so 'n diepte gegrawe is dat aan sub-artikel (a) asook artikel 9(7) voldoen kan word en **dat die eerste lyk, of as daardie lyk in 'n kis of houer is, sodanige kis of houer bedek word met 100mm gewapende beton of 300mm grond wanneer die tweede lyk begrawe word; of**

(c) 'n lyk van 'n graf verwyder met die doel om sodanige grafte vergroot nie.

(3) In gevalle waar **dieper, langer of wyer grafte** as die standaard mates vir graf persele **verlang** word, moet daar **minstens 48uur voor die begrafnis plaasvind**, **aansoek by die Opsigter gedoen word, en 'n addisionele fooi mag gehef word.**

Die standaardmates vir grafte is

(a) **Volwassenes (een lyk):**

(i) Lengte: 2 200mm

(ii) Breedte: 1 200mm

(iii) Diepte: 1 800mm

(b) **Volwassenes (twee lyke)**

(i) Lengte: 2 200mm

(ii) Breedte: 1 200mm

(iii) Diepte: 2 400mm

(c) **Kinders:**

(i) Lengte: 1 350mm

(ii) Breedte: 600mm

(iii) Diepte: 1 500mm



(5) (a) Die **persoon** soos bedoel in artikel 9(3), of die persoon **wat die graf gegrawe het**, moet na afloop van die begrafnis die

omgewing om die graf, insluitend die paadjies en grafte, netjies maak en alle los grond, oorblyfsels of ander materiaal of wat blootgelê is, opruim.

(b) Die verantwoordelike **persoon wat die begrafnis reël** moet redelike stappe doen om **skade aan omringende grafte en gedenksteenwerk te verhoed** tydens die begrafnis of seremonie, of die insorting van die grafkante voorkom en **gepaste stappe doen om 'n instorting te verhoed.**

HOOFSTUK 5: OPGRAWING VAN LYK EN HER-OOPMAAK VAN GRAF

Bepalings vir die opgrawing, verstoring, verwydering of herbegrawe van lyke

19 (1) Behoudens die bepalings van enige **hofbevel** of ander wetgewing met betrekking tot die opgrawing of beskikking oor lyke, **mag niemand enige lyk in'n begraafplaas opgrawe, verstoor, verwyder of herbegrawe of duld of toelaat dat enige sodanige lyk opgegrawe, verstoor, verwyder of herbegrawe word nie-**

(a) **sonder die vooraf verkreë skriftelike goedkeuring van die Munisipaliteit**;en

(b) **in stryd met enige ander wetgewing of sodanige voorwaardes wat die Munisipaliteit en/of enige mediese praktisyn, deur die Munisipaliteit aangestel aangestel, mag bepaal.**

(2) Niemand mag 'n lyk opgrawe, verstoor, verwyder of herbegrawe tensy 'n gemagtigde werknemer van die Munisipaliteit of die Opsigter en 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie, nie teenwoordig is nie.

(3)(a) Niemand mag 'n lyk opgrawe, verstoor, verwyder of herbegrawe tensy die **relevante graf tydens die proses, indien die Munisipaliteit dit vereis, doeltreffend afgeskerm is nie.**

(b)Die persoon verantwoordelik vir die opgrawing van die lyk moet '**n toepaslike houer vir die verwydering van die lyk of oorskot gebruik**.

(4) Onderhewig aan die bepalings van 'n **hof- of opgrawingsbevel** in terme van enige Wet, moet enige persoon wat die skriftelike goedkeuring beoog by sub-artikel (1) wil verkry, **skriftelik daarom aansoek doen** en moet-

(a) **in sodanige aansoek-**

(i) meld **waar die lyk wat opgegrawe, verstoor, verwyder of herbegrawe gaan word**, **begrawe is en indien en waar sodanige lyk volgens voorneme herbegrawe gaan word**;

(ii) die **redes meld vir die voorgenome opgrawing, versteuring, verwydering of herbegrawe**; en

(iii) die **voorgenome metodes en voorsorgmaatreëls** meld, wat aangewend getref gaan word, om te **voorkom dat enige gesondheidsgevaar of oorsaak tot oorlas ontstaan**; en

(b)saam met sodanige aansoek-

(i) 'n **mediese sertifikaat** aangaande die **datum en oorsaak van dood** of 'n gewaarmerkte afskrif van so 'n sertifikaat indien;

(ii) waar die lyk in 'n **graf buite die munisipale gebied herbegrawe** gaan word die **skriftelike goedkeuring** indien van-

(aa) die **Munisipaliteit in wie se regsgebied die betrokke lyk volgens voorneme herbegrawe gaan word**;

(bb) in die geval van 'n **privaat begraafplaas**, die **eienaar of ander persoon in beheer van sodanige begraafplaas waar die betrokke lyk volgens voorneme herbegrawe gaan word**;

(iii) **Ondersteunende dokumentasie** soos deur **wetgewing vereis** mag word.

(iv) die **skriftelike goedkeuring van 'n familielid** en indien daar geen sodanige oorlewende familie is nie, die **naaste beskikbare volwasse familiebetrekking van die betrokke oorledene**.

(5) Waar 'n **mediese sertifikaat of enige skritelike goedkeuring** by sub-artikel (4) beoog, **nie verkry word of kan word**, of **nie verleen word nie**, moet die **skriftelike aansoek** in die sub-artikel beoog, **vergese**l gaan **van-**

(a) **volledige besonderhede** van die **pogings wat aangewend is om sodanige sertifikaat of goedkeuring te verkry**; en

(b) volledige redes waarom die onvermoë om sodanige setifikaat of goedkeuring te verkry, nie die verlenging van skriftelike goedkeuring ingevolge sub-artikel (1) behoort te belet nie.

(6) Die **Munisipaliteit kan**, voordat daar volgens enige goedkeuring ingevolge sub-artikel (1) gehandel word-

(a) **enige voorwaardes aldus gestel, wysig, aanpas of skrap**; en

(b) **bykomende voorwaardes ten opsigte van sodanige goedkeuring stel**.

(7) **Geen persoon mag 'n graf oopmaak vir die doel om 'n tweede lyk in dieselfde graf ter aarde te bestel nie tensy-**

(a) die **graf aanvanklik vir hierdie doel dieper gemaak** is;

(b) indien **nie dieper gemaak is nie**, dan **slegs nadat 10 jaar verloop het sedert die teraardebestelling van die eerste lyk**;

(c) vir die doeleindes om 'n **houer bevattende as te begrawe, die diepte nie 300mm oorskry nie**; en

(d) die **toestemming van die Munisipaliteit verkry is**, en

(e) die gelde voorgeskryf deur die Munisipaliteit, indien toepaslik, betaal is.

(8) Indien 'n **lyk in oortreding van die bepalings van hierdie Verordening begrawe is, mag die Munisipaliteit**, nieteenstaande die bepalings van artikel 23(1), die **lyk opgrawe en in 'n ander graf herbegrawe nadat die naasbestaandes van die oorledene verwittig is van die voorgenome proses en die geleentheid gebied is om teenwoordig te wees**.



Hoofstuk 6: Versorging van Grafte

Onderhoud aan grafte en graf persele

- Die persoon in artikel 9(3) bedoel, of die houer van 'n reg om in 'n perseel in 'n munisipale begraafplaas begrawe te word, moet daardie **perseel en die gedenksteenwerk en ander bouwerk daarop in 'n goeie toestand hou**.

- Die **Munisipaliteit mag**, op aansoek van 'n persoon bedoel in sub-artikel (1) en by betaling van die gelde deur die Munisipaliteit voorgeskryf, **onderneem om enige graf vir enige tydperk te onderhou.**

- **Die Munisipaliteit mag in sy diskresie onderneem om enige graf vir enige tydperk op sy eie onkoste te onderhou.**

- **Niemand mag-**
- Sonder die toestemming van die **Opsigter** 'n **boom of struik op 'n graf perseel plant nie**;

Materiaal, wat tydens die skoonmaak van 'n graf perseel in die munisipale begraafplaas verwyder word, op enige ander plek in die begraafplaas as die wat vir sodanige doel verskaf is nie.

(a) die **Opsigter kan gras, enige struik, plant of blom in 'n munisipale begraafplaas snoei, afsny, laat uithaal of verwyder wat na sy oordeel onooglik is, of wat vir ordelike instandhouding nodig mag wees**.
'n **Opsigter mag natuurlike of kunsblomme en enige houer of ander voorwerp wat op 'n graf geplaas is, verwyder indien dit verdroog, verflenterd of beskadig is.**

Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige verlies of skade aan enige gedenksteenwerk of enige voorwerp wat op enige graf perseel geplaas is nie en ook nie vir enige vergoeding ten opsigte van enige gedenksteenwerk wat vir welke rede ook al verwyder of herstel is nie.



Verwaarlosede gedenksteen werke

Wanneer ook al die persoon wat 'n **gedenksteenwerk in 'n munisipale begraafplaas opgerig** het **toelaat** dat dit sodanig **verval**, as wat na die oordeel van die Opsigter 'n **gevaar inhou of wat die munisipale begraafplaas ontsier**, **mag die Opsigter by skriftelike kennisgewing aan die persoon se laaste bekende adres, en van hom vereis om sodanige herstelwerk te verrig** wat in die kennisgewing vermeld word, en waar die **adres van sodanige persoon onbekend is**, moet die **kennisgewing vir twee agtereenvolgende weke eenmalig in 'n koerant wat in die gebied versprei word gepubliseer word**.

Die Munisipaliteit kan by **versuim om die vereiste herstelwerk binne drie maande vanaf betekening of publikasie van die kennisgewing te dien, die herstelwerk doen of die gedenksteenwerk verwyder sonder om vergoeding te betaal en mag die koste vir sodanige herstelwerk of verwydering van sodanige persoon verhaal indien moontlik.**

HOOFSTUK 10: PRIVAAT BEGRAAFPLASE

Oorname van privaat Begrafplase deur die Munisipaliteit

Die **Munisipaliteit kan enige privaat begraafplaas binne sy gebied oorneem op bepaalde vereistes en voorwaardes**.

Alvorens die Raad besluit om'n privaat begraafplaas oor te neem moet die Munisipaliteit se **voorneme** om sodanige privaat begraafplaas oor te neem, **adverteer word en die publiek uitgenooi word om kommentaar aan die Munisipaliteit voor te lê**.

By die **oorname van 'n privaat begraafplaas deur die Munisipaliteit** ingevolge hierdie artikel –

- **Berus die eiendomsreg op alle roerende en onroerende goed en ander bates in verband met sodanige begraafplaas, behoudens enige trusts of voorwaardes, by die Munisipaliteit;**
- **Is alle inkomste en ander gelde wat betaalbaar of verhaalbaar is ten opsigte van sodanige begraafplaas, betaalbaar aan en verhaalbaar deur die Munisipaliteit;**
- **Gaan alle ander regte en voorregte en alle laste en verpligtinge ten opsigte van sodanige begraafplaas oor op die Munisipaliteit en die Munisipaliteit kan voortgaan om alle regsgedinge ingestel ten opsigte van sodanige begraafplas voort te sit en te verdedig en alle dinge te doen wat nodig of dienstig is in verband met sodanige gedinge; en**
- **Verkry die Munisipaliteit die beheer en bestuur van sodanige begraafplaas.**

Strafbepalings

(1) **Enige persoon wat voortgaan om** 'n **oortreding te pleeg nadat kennis aan hom gegee is** om voorsetting van die oortreding te staak, of **nadat hy skuldig is aan 'n sodanige oortreding en daarmee voortgaan, is skuldig aan 'n voortdurende oortreding.**

(2) Enige persoon wat enige bepaling van hierdie Verordening oortree of wat versuim om aan enige bepaling daarvan te voldoen of 'n kennisgewing of voorwaarde in terme van hierdie Verodening oortree of versuim om daaraan te voldoen, 'n **valse verklaring maak, of valse, onjuiste of misleidende inligting verstrek**, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding-

(a) **strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf of beide** 'n boete en sodanige gevangenisstraf, en


(b) in die geval van 'n **voortdurende misdryf** met 'n **addisionele boete of 'n addisionele tydperk van gevangenisstraf of sodanige addisionele gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete of beide sodanige addisionele boete en gevangenisstraf vir elke dag wat sodanige misdryf voortduur**; en

(c) 'n vergoedingsbevel gelyk aan enige koste en uitgawes wat na bewering van die hof, deur die Munisipaliteit aangegaan is as gevolg van sodanige oortreding of versuim.

Nadat verordening afgekondig is, word die voorgestelde boetes en gevangenisstraf goedgekeur deur die landdros.

Samevatting


- Die goedkeuring, afkondiging en toepassing van die nuwe begraafplaas en krematoria Verodeninge in van kardinale belang om 'n verskil te maak in Hessequa omgewing.
- Hiervoor is die samewerking van die raad, amptenare, elke inwoner en besoeker uiters belangrik.



Slot opmerking

Mag jou voetspore jou vat tot daar waar jou hart die graagste wil wees – in die Hemel.

A J. Hansen



Aanhangsel C

HESSEQUA
Local Municipality

PROPOSED AMENDMENT OF HESSEQUA MUNICIPALITY BY-LAW MUNICIPAL CODE

In terms of the Constitution of the Republic of South Africa, the Municipality has executive powers and the right to administer local government matters.

The Municipality may thus draft policies and promulgate by-laws to administer its' powers efficiently.

During the Council Meeting held on **27 February 2019** Council confirmed their intention to review the following by-law:

Cemeteries and Crematoria By-law

The amended by-law are open for inspection and for comments on the municipal website, (www.hessequa.gov.za) and at the Municipal Offices and Libraries in Riversdale, Heidelberg, Albertinia, Slangrivier, Gouritsmond, Witsand and Still Bay.

Comments on the amended By-Law can be submitted from 12 December 2025 to 30 January 2026 to reach the Municipal Manager, P.O Box 29, Riversdale, 6670, or via e-mail: sarah@hessequa.gov.za not later than 30 January 2026 at 15h30.

In terms of section 21(4) of the Local Government: Municipal Systems Act, No. 32 of 2000, notice is hereby given that people who are unable to read or write are encouraged to visit the Municipal Offices during ordinary office hours, where they will be assisted by Legal Services personnel to formulate their written comments.

Further information can be obtained from Mrs Sarah Sanders at telephone number 028 713 7941 or by e-mail: sarah@hessequa.gov.za or Ms A Vries at telephone number 028 713 8078 or by e-mail: annalizev@hessequa.gov.za

MR A S A DE KLERK
MUNICIPAL MANAGER

HESSEQUA
Plaaslike Munisipaliteit

VOORGESTELDE WYSIGING VAN HESSEQUA MUNISIPALITEIT MUNISIPALE KODE

Die Munisipaliteit het uitvoerende gesag ten opsigte van die reg op administrasie van plaaslike regeringsaangeleenthede wat in die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika aan hom opgedra is.

Die Munisipaliteit kan dus beleide opstel en verordeninge uitvaardig en administreer vir die doeltreffende administrasie van sy bevoegdhede.

Tydens die Raadsvergadering gehou op **27 Februarie 2019** het die Raad hul voorneme bevestig dat die volgende verordening se hersieningsproses in aanvang neem:

Begraafplase en Krematoria Verordening

Die gewysigde verordening is op die munisipale webwerf, (www.hessequa.gov.za) en by al die Munisipale Kantore en Biblioteke in Riversdal, Heidelberg, Albertinia, Slangrivier, Gouritsmond, Witsand en Stilbaai ter insae, vir die lewering van enige kommentaar, vanaf 12 Desember 2025 tot 30 Januarie 2026 om die Munisipale Bestuurder, Posbus 29, Riversdal, 6670 of e-pos: sarah@hessequa.gov.za, nie later as 30 Januarie 2026 om 15h30 te bereik nie.

Ingevolge artikel 21(4) van die Wet op Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, No. 32 van 2000, word kennis hiermee gegee dat persone wat nie kan lees of skryf nie aangemoedig word om gedurende gewone kantoorure die Munisipale Kantore te besoek, waar daar ondersteuning gelewer sal word deur 'n Regsdienste personeellid om die kommentaar skriftelik te formuleer.

Verdere inligting is by Mev S Sanders beskikbaar by telefoonnommer 028 713 7941 of e-pos: sarah@hessequa.gov.za en by Me. A Vries by telefoonnommer 028 713 8078 of e-pos: annalizev@hessequa.gov.za

MNR A S A DE KLERK
MUNISIPALE BESTUURDER

OR23612863_8A

Aanhangsel D

HESSEQUA MUNISIPALITEIT: BEGRAAFPLASE EN KREMATORIA VERORDENINGE

Kragtens die bepalings van artikel 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 · verorden die Hessequa Munisipaliteit as volg: -

Inhoudsopgawe

1. Interpretasie
2. Beginsels en oogmerke
3. Administrasie en Afdwinging

HOOFSTUK I: VESTIGING VAN BEGRAAFPLASE

4. Vestiging van begraafplase
5. Alternatiewe vir teraardebestelling

HOOFSTUK 2: ALGEMENE BEPALINGS IN VERBAND MET BEGRAAFPLASE

5. Aanstelling van opsigter
6. Toegangsure vir publiek
7. Bly op paadjies
8. Verbode optrede binne begraafplase en krematoria
9. Reg op belang in grond

HOOFSTUK 3: ALGEMENE BEPALINGS IN VERBAND MET TERAARDEBESTELLINGS

10. Toestemming vereis
11. Tye vir teraardebestellings en verassings
12. Register
13. Teraardebestelling van armlastige persone
14. Getal lyke in een doodkis

HOOFSTUK 4: BEGRAFNISSE

15. Afmetings van grafte
16. Begrafnis
17. Reservering van graf
18. Kindergraf
19. Konstruksiemateriaal van doodkis
20. Getal lyke in een graf
21. Lykswa en voertuie in begraafplase
22. Musiek in begraafplaas
23. Nommer op graf

DRAFT

HOOFSTUK 5: OPGRAWING VAN LYK EN HER-OOPMAAK VAN GRAF

24. Versteuring van stoflike oorskot
25. Tyd van opgrawing
26. Heropening van graf

HOOFSTUK 6: VERSORGING VAN GRAFTE

27. Struike en blomme
28. Versorging van graf

HOOFSTUK 7: VERASSING

29. Houers en as
30. Begrawing en opgrawing van as
31. Verassingsertifikaat

HOOFSTUK 8: OPRIGTING EN ONDERHOUD VAN GEDENKTEKENWERKE

32. Toestemming val) munisipaliteit
33. Vereistes vir oprigting van gedenktekenwerke
34. Plasing, beweging en verwydering van gedenktekenwerke
35. Herstelwerk aan gedenktekenwerke
36. Toesighouding oor arbeid
37. Vervoer van gedenktekenwerke
38. Voertuie en gereedskap
39. Tye vir inbring van materiaal en amandel van werk
40. Bewys van skriftelike toestemming
41. Gedenktekenwerke in krematoria
42. Statebond Oorlogsgrafte

HOOFSTUK 9: AFDELINGS IN BEGRAAFPLAAS

43. Munisipaliteit mag afdelings instel
44. Monumente afdeling
45. Panoramiese afdeling
46. Estetiese afdeling
47. Berm afdeling
48. Tuin van Herinnering
49. Heldeakker

HOOFSTUK 10: PRIVATE BEGRAAFPLASE

50. Verordeninge van toepassing
51. Vestiging en voortgesette gebruik van begraafplase
52. Pligte van eienaars

DRAFT

HOOFSTUK 1 1: BEGRAAFPLASE IN ONBRUIK

53. Gebruik van begraafplase wat in onbruik is

HOOFSTUK 12: ALGEMEEN

54. Waarmerking en bediening van bevele, kennisgewings en ander dokumente
55. Klagte
56. Kennisgewing van voldoening en vertoë
57. Koste
58. Appèl
59. Gelde
60. Boetes
61. Vrystellings
62. Skakelforums in gemeenskap
63. Herroeping van verordeninge
64. Kort titel en inwerkingtreding

1. Interpretasie

(1) In hierdie verordening, tensy uit die samehang anders blyk —

"as" beteken die veraste oorblyfsels van 'n lyk;

"Armlastige persoon"- 'n verlate persoon of persone wat nie familie of naasbestaandes het nie en geen persoon aanvaar verantwoordelikheid vir die begrawe van sodaige lyk nie;

"begraafplaas" beteken grond of gedeelte van grond binne die munisipale gebied wat deur die Munisipaliteit opsygesit is vir 'n begraafplaas;

"Begrafnisondernemer" beteken enige persoon, organisasie of regspersoon in die onderneming van die waardige beskikking van lyke teen vergoeding en wat by die Munisipaliteit geregistreer is en oor 'n bevoegdheidserifikaat beskik

"begrawe" beteken teraardebestelling in grond, 'n graf of grafkelder;

"begrawingsbevel" beteken 'n bevel uitgereik ingevolge die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1992 (Wet 51 van 1992);

"begrafnisondernemersperseel" het die betekenis daaraan geheg in regulasie I van die Regulasies;

"berm" beteken 'n betonstrook gelê by die kop van die graf en waarop 'n gedenksteen opgerig is;

"estetiese afdeling" beteken 'n begraafplaas of afdeling van 'n begraafplaas wat deur die Munisipaliteit opsygesit is waarin slegs kopstene opgerig mag word;

"gedenksteenwerk" beteken enige kopsteen, monument, plaket, ander werk of voorwerp, opgerig of beoog om opgerig te word in 'n begraafplaas of krematorium ten einde hulde te bring aan 'n oorlede persoon, en sluit in die randsteen wat die graf afbaken en die blad wat die graf bedek;

DRAFT

"Gemagtigde beampte" 'n werknemer van die Munisipaliteit of 'n ander persoon wat deur die Munisipaliteit aangestel of gemagtig is om enige handeling, funksie of taak te verrig wat verband hou met aangeleenthede in hierdie Verordening vervat, of om enige bevoegdheid ingevolge hierdie Verordening uit te voer; en het 'beampte' 'n ooreenstemmende betekenis.

"graf ook-

(a) Enige plek, hetsy in geheel of gedeeltelik bokant of onder die grond en hetsy vir private of openbare gebruik, waarin 'n lyk, of as, permanent begrawe word of daar voornemens is om dit permanent te laat begrawe, hetsy in 'n doodkis of ander houer; en

(b) Enige gedenksteenwerk van watter aard ook al wat deel vorm van of bykomend tot 'n graf is.

"Grafperseel" die afgebakende stuk grond binne 'n begraafplaas wat bedoel is vir die begrawe van 'n lyk

"goedgekeur" beteken goedgekeur deur die Munisipaliteit;

"grafkelder" beteken 'n bogrondse kelder;

"helde akker" beteken 'n area grond opsygesit vir die begrawe van 'n held;

"Hulpbehoewende persoon" ook 'n behoeftige of 'n persoon wat nie familie en/of naasbestaandes het wat finansieel instaat is om hulle te kan begrawe nie en waar sodanige feit skriftelik bevestig word;

"kind" beteken 'n persoon wat nie 'n volwassene is nie, en waar die woord gebruik word om 'n lyk te beskryf, beteken 'n oorlede persoon wie se lyk inpas in 'n graf opening voorgeskryf vir kinders ingevolge artikel 18, en sluit in die lyke van 'n doodgebore kind en 'n fetus;

"kolumbarium" beteken 'n plek opsygesit in die kelder van 'n krematorium of kapel wat rye nisse bevat vir die doel om houers bevattende die as van veraste lyke in te plaas;

"krematorium" beteken 'n krematorium soos omskryf in artikel 1 van die Ordonnansie en sluit in die geboue waarin 'n begraafplaas bedryf word en die verassing uitgevoer word;

"lyk" beteken die oorblyfsels van 'n oorlede persoon en sluit in 'n doodgebore kind en fetus;

"monumente afdeling" beteken 'n afdeling in 'n begraafplaas opsygesit vir die oprigting van monumente;

"munisipaliteit" beteken die Hessequa Munisipaliteit ingestel ingevolge artikel 12 van die Munisipale Strukture Wet, 117 van 1998, Provinsiale Kennisgewing 484 gedateer 22 September 2000 en sluit in enige politieke strukture, politieke ampsbekleër, raadslid, behoorlik gemagtigde agent of enige werknemer wat ingevolge hierdie verordening handel uit hoofde van 'n bevoegdheid wat by die Munisipaliteit berus en gedelegeer of gesubdelegeer is aan sodanige politieke strukture, politieke ampsbekleër, raadslid, agent of werknemer;

"muur van herinnering" beteken 'n struktuur (in 'n begraafplaas) wat nisse bevat waarin kruike met as gebêre kan word;

"Munisipale begraafplaas" 'n begraafplaas waarvan die beheer en eiendomsreg by die Munisipaliteit berus

DRAFT

"Munisipale krematorium" 'n crematorium waarvan die beheer en eiendomsreg by die Munisipaliteit berus

"nis" beteken 'n kompartement in 'n kolumbarium of muur van herinnering vir die plasing van as;

"opgrawing" beteken die verwydering van 'n lyk uit sy graf;

"opsigter" beteken die beampte wat van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit in 'n toesighoudende hoedanigheid in verband met 'n begraafplaas of krematorium aangestel word;

"ordonnansie" beteken die Krematorium Ordonnansie, 1965 (Ordonnansie No. 18 van 1965);

"panoramiese afdeling" beteken 'n afdeling in 'n begraafplaas wat deur die Munisipaliteit opsygesit is waar gedenksteenwerk beperk word tot 'n plaket of gedenksteenblad; „private begraafplaas" beteken 'n begraafplaas of wat as 'n begraafplaas gebruik word maar wat nie as sodanig deur die Munisipaliteit opsygesit is nie;

"Privaat begraafplaas" 'n begraafplaas waarvan die beheer en eiendomsreg by 'n privaat persoon of liggaam rus;

"Privaat krematorium" 'n krematorium waarvan die beheer en eiendomsreg by die Munisipaliteit berus;

Regulasies" beteken die Begrafnisondernemersperseel Regulasies, uitgevaardig ingevolge artikels 33 en 39 van die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet 63 van 1977) en gepubliseer as Goewermentskennisgewing No.237 van 8 Februarie 1985;

"tuin van herinnering" beteken 'n afdeling van 'n begraafplaas of krematorium opsygesit vir die oprigting van gedenksteenwerk of 'n muur van herinnering;

"veras" beteken die proses waardeur 'n lyk met vuur mee weggedoen word;

"veraste oorskot" beteken alle herwinbare as na 'n verassing;

"voorgeskryf" beteken voorgeskryf deur die Munisipaliteit;

"voorgeskrewe gelde" beteken gelde bepaal deur die Munisipaliteit in sy Kliëntediens en Inkomste Bestuur Verordening;

"volwassene" beteken 'n oorlede persoon oor die ouderdom van 12 jaar en waar die woord gebruik word om 'n lyk te beskryf, 'n oorlede persoon wie se lyk inpas in 'n graf opening voorgeskryf vir volwassenes ingevolge artikel 15.

(2) Indien enige bepaling in hierdie verordening enige mag, funksie of plig van die Munisipaliteit in of op 'n beampte van die Munisipaliteit laat berus of oplê en sodanige mag, funksie of plig is ingevolge artikel 81 (2) van die Wet op Plaaslike Regering : Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), of enige ander wet opgedra aan 'n diensverskaffer, moet die verwysing na sodanige beampte gelees word as 'n verwysing na die diensverskaffer of, waar van toepassing, 'n beampte en die diensverskaffer deur die Munisipaliteit gemagtig.

DRAFT

2. Beginsels en oogmerke

Die doel van hierdie verordening is om begrafnisondernemerspersele te beheer, om voorsiening te maak vir die aanwysing van grond vir doeleindes van begrawing van menslike oorskot, om bestaande begraafplase te ontwikkel en te onderhou, om inwoners toe te laat om 'n lyk mee weg te doen deur verassing en om ruimte te voorsien ten einde toe te laat dat die oorskot van 'n verassing op 'n waardige wyse bewaar word.

3. Administrasie en afdwinging

(a) Die Direkteur: Tegniese Dienste is verantwoordelik vir die administrasie en afdwinging van hierdie Verordening.

(b) Die Direkteur moet 'n bevoegde beampte as Opsigter aanstel vir die beheer en administrasie van begraafplase, krematoriums of ander fasiliteite van beskikking oor lyke.

(c) Die Direkteur kan die bevoegdheid of plig wat ingevolge hierdie Verordening aan hom/haar verleen is, behalwe bevoegdheid in sub-artikel (3)(b), en artikels 14(3), 16(2), (3) en 32(1), (2) vermeld, skriftelik delegeer aan 'n bevoegde beampte in sy/haar Direktoraat.

(d) Die Opsigter kan, met goedkeuring van die Direkteur 'n bevoegdheid of plig wat ingevolge hierdie Verordening aan hom/haar verleen is, skriftelik delegeer aan 'n beampte van die Munisipaliteit.

HOOFSTUK 1: VESTIGING EN SLUITING VAN BEGRAAFPLASE

4. Vestiging van begraafplase

(1) Die munisipaliteit mag enige grond binne sy jurisdiksiegebied reserveer vir gebruik as 'n begraafplaas en is verantwoordelik vir die algemene onderhoud van so 'n begraafplaas.
(2) Binne so 'n begraafplaas mag die munisipaliteit afsonderlike areas beskikbaar stel vir uitlsuitlike gebruik deur verskillende godsdienstige of kulturele groepe met inagneming van die gebruike of godsdienstige oorweginge van sulke groepe.
(3) Die daarstelling van 'n begraafplaas soos bedoel in subartikel (I) moet deur 'n openbare deelname proses en die indiening van 'n geotegniese verslag voorafgegaan word.
(4) Nieteenstaande die bepalings van subartikel (I), is die groepe bedoel in subartikel (2), aan wie areas vir uitsluitlike gebruik toegestaan is, verantwoordelik vir die onderhoud van daardie areas.

5. Sluiting van begraafplase

(1) Die Munisipaliteit kan enige munisipale begraafplaas of gedeelte daarvan sluit.

(2) Die Munisipaliteit publiseer die beoogde sluiting van 'n munisipale begraafplaas of gedeelte daarvan eenmalig in een nasionale en een plaaslike nuusblad en die Provinsiale Koerant en sodanige begraafplaas of gedeelte word, behoudens die bepalings van sub-artikel (3), geag gesluit te wees drie maande na die datum van publikasie van sodanige sluiting

(3) Die Munisipaliteit kan, ondanks die sluiting van 'n munisipale begraafplaas of gedeelte daarvan, maar behoudens die voorwaardes wat dit nodig ag, toelaat dat lyke in bepaalde familie persele in sodanige begraafplaas of gedeelte daarvan begrawe word.

DRAFT

(4) Behoudens sub-artikel (3), mag niemand enige lyke begrawe in 'n munisipale begraafplaas of gedeelte daarvan wat gesluit is ingevolge sub-artikel (1), of in 'n familie perseel in stryd met enige voorwaardes bepaal ingevolge sub- artikel (3) nie.

6.Alternatiewe vir teraardebestelling

Indien daar, genoodsaak deur die vereistes van die omgewing, 'n tekort aan grond vir begrafnisdoeleindes, en ondergeskik aan die bepalings van enige ander wet ten opsigte van die regte van persone, mag die munisipaliteit versoek dat enige metode anders as 'n begrafnis gebruik word om oor 'n lyk te beskik.

HOOFSTUK 2: ALGEMENE BEPALINGS IN VERBAND MET BEGRAAFPLASE EN KREMATORIA

7. Aanstelling van opsigter

(1) Die Munisipaliteit mag 'n opsigter aanstel vir elke begraafplaas of krematorium om die begraafplaas of krematorium te beheer en te administreer.

(2) Die opsigter moet die gebruike van die oorlede persoon en die persone verantwoordelik vir die begrawing of verassing in ag neem en dit binne die raamwerk van hierdie verordening akkommodeer.

8. Toegangsure vir publiek

(1) Elke begraafplaas is oop vir die publiek gedurende die ure wat deur die munisipaliteit bepaal word, maar indien dit in die belang van die publiek is, mag die Munisipaliteit 'n begraafplaas of krematorium of deel daarvan, vir die publiek sluit vir sodanige tye as wat nodig mag wees. Die ure is soos volg:
Maandae – Vrydae: 08:00 – 18:00
Saterdae en Sondae: 08:00 – 18:00
Publieke Vakansiedae: 08:00 – 18:00

(2) Geen persoon, uitgesluit werkers en persone met toestemming, mag in of aanbly in 'n begraafplaas of krematorium of deel daarvan voor of na die ure gemeld in subartikel (I) nie, of gedurende die tye wat dit vir die publiek gesluit is nie.

(3) Die munisipaliteit moet die ure waartydens elke plek vir teraardebestelling oop is vir die publiek op 'n kennisgewingbord by die ingang na die plek van teraardebestelling aanbring.

(4) Met spesiale toestemmings mag die raad toestemming verleen dat persone die begraafplaas besoek na ure indien daar 'n grondige rede daarvoor bestaan. Vooraf skriftelike toestemmings moet ten minste 24 uur voordat die besoek sal plaasvind by die Munisipale Bestuurder of Direkteur Tegniese Dienste verkry word.

DRAFT

9. Bly op paadjies

Behalwe vir doeleindes toegelaat ingevolge hierdie verordening, mag 'n persoon slegs 'n paadjie wat in 'n begraafplaas voorsien is gebruik, en versuim om dit te doen is 'n misdryf.

10. Verbode optrede binne begraafplase en crematoria

(1) Niemand mag -

(a) In 'n begrafplaas of krematoria n steurnis of 'n oorlas veroorsaak of skep of veroorsaak dat 'n steurnis of oorlas geskep word nie;

(b) 'n munisipale begrafplaas binnegaan of verlaat nie behalwe deur die hekke wat daarvoor voorsien is;

(b) 'n begrafplaas of krematoria as deurgang of deurloop gebruik nie.

(c) Op enige gedenksteenwerk, hek, muur, heining of gebou in 'n munisipale begrafplaas sit of staan of daarop of daaroor klim nie;

(d) 'n lykswa of enige ander voertuig in 'n munisipale begrafplaas bestuur nie behalwe op die paaie wat daarvoor voorsien is;

(e) In 'n munisipale begrafplaas blomme, kranse, houers of enige iets anders vanaf 'n graf verwyder of pluk nie;

(f) 'n dier of fiets ry sonder die goedkeuring van die opsigter nie;

(g) 'n dier in 'n begraafplaas bring of dit toelaat om daar te dwaal nie, met die uitsondering van 'n blinde persoon wat 'n gidshond gebruik;

(h) 'n boom, plant, struik of blom sonder die toestemming van die opsigter plant, sny, pluk of verwyder nie;

(i) 'n demonstrasie hou of daaraan deelneem nie;

(j) 'n begrafnis onderbreek of 'n amptenaar, werker, of arbeider in diens van die Munisipaliteit in die uitvoering van sy of haar pligte steur nie;

(k) die opsigter in die loop van sy of haar pligte belemmer, weerstaan of teenstaan nie, of weier om aan 'n bevel of versoek te voldoen wat die opsigter gemagtig is om ingevolge hierdie verordening te rig;

(l) 'n advertensie of voorwerp op enige muur, gebou, heining, hek, gedenkteken of ander oprigting uitmerk, teken, skryf of oprig nie;

(m) water gebruik vir enige vorm van tuinmakery sonder die toestemming van die opsigter nie;

(n) enige vullis, grond, klippe, rommel of afval agterlaat nie;

(o) enige deel van 'n begraafplaas of krematorium of enigiets daarin op enige wyse beskadig of skend nie;

(p) enige besigheid, bestelling of uitstalling versoek nie, of 'n traktaatjie, besigheidskaart of advertensie versprei of agterlaat nie;

(q) 'n graf of gedenkteken met disrespek behandel nie, soos daarop klim of sit nie;

(r) 'n kantoor, gebou of omheinde plek binnegaan nie, behalwe in verband met wettige besigheid;

(s) 'n lyk of deel daarvan ontbloot nie;

(t) die voorgeskrewe maksimum spoed van 20 km per uur oorskrei nie;

(u) enige dier toelaat nie, met die uitsondering van 'n opsigter wat op die perseel woon en wat troeteldiere met die toestemming van die munisipaliteit aanhou;

(v) enige alkohol bring of verbruik nie;

(w) in besit wees van enige vuurwapen of tradisionele wapen behalwe in die geval van 'n polisie- of militêre begrafnis;

(x) oornag; of

(y) enige skuiling oprig nie.

DRAFT

(2) Geen lyk mag vervoer word –

(a) Behalwe in 'n geskikte, doelgemaakte kis, houer of lyksak;
(b) Op 'n onbetaamlike wyse;
(c) Op 'n wyse dat die lyk sigbaar is;
(d) Sonder vooraf toestemming van die Opsigter waar die vervoer van die lyk op 'n ander wyse moet plaasvind vanwee ander tradisie, begrafnisgebruike en -vereistes.
(3) Die Opsigter mag wat begrafplase en krematoriums betref, lasgewing gee wat nagekom moet word ten opsigte van die –
(a) Uitvoering en kwaliteit van enige werk verrig;
(b) Beweging en parkering van voertuie;
(c) Gedrag en beheer van enige seremonie en stoet;
(d) Plasing van structure, sitplek, klank versterkings apparat en volume daarvan en enige ander toerusting wat by die seremonie en stoet gebruik word;
(e) Die beperking van die tydsduur van 'n seremonie of stoet;
(f) Algemene gedrag of ander aspek wat nodig mag wees vir die veiligheid of goeie orde, waardigheid en sereniteit.
(4) 'n Persoon wat 'n bepaling van subartikel (1) en (2) oortree, begaan 'n misdryf.

11. Reg op belang in grond

(1) Geen persoon sal enige reg op of belang in enige grond of graf in 'n begraafplaas verkry nie, anders as dit wat ingevolge hierdie verordening verkrygbaar mag wees.
(2) Die Munisipaliteit mag, onderw orpe aan die bepalings van artikel 17 en teen betaling van die voorgeskrewe fooi, 'n graf in 'n begraafplaas reserveer.

HOOFSTUK 3: ALGEMENE BEPALINGS IN VERBAND MET TERAARDEBESTELLINGS

12. Magtiging om te begrawe

(1) Niemand mag 'n lyk in die munisipale gebied begrawe anders as in 'n begraafplaas nie.

(2) Niemand mag 'n lyk in 'n munisipale begraafplaas begrawe nie, behalwe –

(a) met die skriftelike toestemming van die Opsigter
(b) in ooreenstemming met die voorwaardes gemeld in sodanige skriftelike toestemming/ sertifikaat.

(3) (a) 'n Aansoeker om toestemming ingevolge sub-artikel (2) moet die Opsigter met die volgende voorsien-
(i) 'n sterfte sertifikaat of sertifikaat van doodgeboorte;

(ii) 'n begrafnisorder;

(iii) bewys dat die toepaslike gelde bepaal betaal is; en

(iv) sodanige inligting wat die Opsigter vereis

DRAFT

(v) enige ander dokumentasie deur wetgewing voorgeskryf

(b) en waar van toepassing-

(i) besonderhede van kulturele of godsdienstige gebruike wat ter sprake is;

(ii) 'n beëdigde verkalring van 'n naasbestaande of waar nie prakties moontlik, 'n familielid wat toestemming verleen vir die beskikking oor die lyk op die wyse versoek.

(c) en in die geval van 'n begrafnisondernemer-

(i) 'n afskrif van sy geldende registrasie- en bevoegdheids-sertifikaat soos in artikel 24 bedoel;

(ii) waar die begrafnisorder deur die ondernemer uitgereik is, 'n afskrif van bewys in terme van artikel 4 van die Wet op Geboortes, Sterftes en Huwelike, 1992 (Wet 51 van 1992)

(4) 'n Graf moet by die Munisipaliteit bespreek word-

(a) 'n minimum van 48 uur voor die begrafnis wat gedurende weeksdae plaasvind; en

(b) 'n minimum van 72 uur voor begrafnisse wat oor naweke plaasvind.

(5) Indien die graf perseel voor die inwerkingtreding van hierdie Verordening gereserveer was, moet die betrokke dokumente en betalingsadvies daarvan vertoon word.

(6) (a) In elke geval waar die begrawe van 'n lyk gemagtig is, word die graf deur die Munisipaliteit genommer of 'n nommer toegeken vir die aanbring daarvan en mag niemand 'n lyk in enige ander graf as die wat die Munisipaliteit vir sodanige doel toegewys het, begrawe nie.

(b) Enige permanente gedenksteenwerk wat op die graf geplaas word, moet die toegekende grafnommer in duidelike en permanente wyse op die linker onderkant vertoon.

(7) (a) Behoudens die bepalings van artikel 23(7), kan daar in die geval van 'n gesin meer as een lyk in een enkel graf begrawe word, met dien verstande dat daar nie meer as twee doodskiste gebruik word nie en verder dat die deksel van die boonste doodskis in geen geval minder as 1050mm van die grond oppervlak af is nie.

(b) Waar meer as een lyk in dieselfde kis geplaas word, moet elke lyk in 'n lyksak wees.

(8) Geen persoon mag 'n lyk begrawe in 'n doodskis wat nie van bederfbare material gemaak is nie.

(9) Die Munisipaliteit behou die reg voor om inhoud van 'n kis te ondersoek, voor die teraardebestelling daarvan.

DRAFT

13. Tye vir teraardebestellings en verassings

(1) 'n Teraardebestelling en verassing mag plaasvind gedurende die tye deur die munisipaliteit goedgekeur.
(2) Die opsigter sal aan 'n persoon bedoel in artikel 10(2) 'n tyd vir teraardebestelling toeken en tye wat nie soos toegeken gebruik word nie, sal uitgestel word tot 'n tyd wat beskikbaar is en wat nie ander teraardebestellings verontrief wat op hul toegewese plaasvind nie.
(3) Ondanks die bepalings van subartikel (l), mag die opsigter teraardebestelling of verassing toelaat buite die tye beoog in subartikel (l) in welke geval die Munisipaliteit addisionele gelde mag hef.
(4) 'n Persoon wat 'n lyk teenstrydig met subartikels (l) en (2) ter aarde bestel of veras begaan 'n misdryf.

14. Register

Die opsigter moet 'n rekord hou van alle teraardebestelling, en die rekord moet die volgende bevat:
(a) die besonderhede van die persoon wat die teraardebestelling of verassing versoek het;
(b) die besonderhede van die oorlede persoon soos die naam, adres en identiteitsnommer;
(c) die datum van teraardebestelling of verassing; en
(d) in die geval van 'n teraardebestelling, die nommer van die graf.

(By alle kantore waar begraafplase in die betrokke dorp voorkom, moet 'n begraafplaas register op die goedgekeurde Collaborator sisteem gelaai word. Die betrokke kantoor se finansiële / administratiewe adminstratreur of klerk, hanteer die Collaborator sisteem. Die graf inligting word deur die Tegniese department voorsien.)

15. Teraardebestelling van armlastige persone

(1) Die verwydering en teraardebestelling van 'n armlastige persoon wat binne die jurisdiksiegebied van die munisipaliteit gesterfhet is die verantwoordelikheid van —
(a) die munisipaliteit indien:
(i) die armlastige persoon se lyk nie deur 'n bevoegde persoon ge-eis is nie; of
(ii) indien 'n bevoegde persoon onderneem het om die lyk van 'n armlastige ter aarde te bestel, maar versuim het om dit te doen;
(b) 'n hospitaal of ander instelling ingevolge die bepalings van artikel 48(2) van die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet 63 van 1977), indien die armlastige persoon in daardie hospital of ander instelling gesterfhet.
(2) Die munisipaliteit mag ingevolge die bepalings van artikel 48(2A)(a) van die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet 63 van 1977) opdrag gee dat daar oor die lyk van 'n armlastige beskik mag word op enige ander geskikte wyse behalwe deur dit te begrawe.
(3) Die lyke van meer as een armlastige mag in een grafbegrawe word.
(4) Waar die lyk van 'n armlastige persoon soos bedoel in subartikel (2) veras word, moet die opsigter van die krematorium die as hou en die as in 'n graf begrawe indien dit nie opgeëis word nie.

16. Begrawe of Verassing van Hulpbehoewendes

Kriteria

Die Raad moet kriteria ingevolge waarvan die Munisipaliteit die koste dra vir die begrawe van 'n hulpbehoewende persoon, opstel.

DRAFT

Begrafnis van 'n hulpbehoewende en 'n armlastige persoon

(1) 'n Persoon mag by die Munisipaliteit aansoek doen vir die begrawe of verassing van 'n lyk van 'n hulpbehoewende persoon en moet bewys lewer dat die oorledene aan die status as hulpbehoewende kragtens artikel 18 voldoen. Die aansoeker en enige naasbestaandes moet enige voorwaardes deur die Munisipaliteit bepaal, aanvaar.

(2) Die Opsigter kan besluit of die lyk van 'n hulpbehoewende persoon begrawe of veras of andersins oor beskik moet word.

(3) Die Opsigter mag, indien die as van 'n hulpbehoewende persoon nie binne drie (3) maande opgeëis word nie, die as in 'n graf begrawe of in 'n tuin van herinnering gestrooi word.

(4) (a) Onderhewig aan die Wet op Nasionale Gesondheid, Wet 61 van 2003, en artikel 10 van die Wet op Menslike Weefsel, Wet 65 van 1983, mag die lyk van 'n armlastige persoon of 'n onopgeëiste lyk, begrawe, veras of andersins oor beskik word;

(b) Die lyk van 'n persoon soos in sub-artikels (1) en (4)(a) bedoel –

(i) mag in enige graf, of in die grasperk afdeling begrawe word;

(ii) ondanks die bepalings van artikel 9(7)(a) kan 'n total van drie sodanige lyke in een graf begrawe word;

(iii) slegs gedenksteenwerk soos in sub-artikel 5(a) bedoel, mag op sodanige graf geplaas word;

(iv) by verassing moet die Opsigter die as vir 'n periode van drie maande in bewaring hou waarna dit in 'n graf begrawe of in 'n tuin van herinnering gestrooi word, indien nie opgeëis nie,

(5) (a) Die grafte in die grasperk afdeling moet gemerk word deur 'n plaket en grafnommer en waar bekend besonderhede van die persoon en datums van afsterwe en begrafnis.

(b) Volledige besonderhede wat beskikbaar is, moet onverwyld in die register soos in artikel 12 bedoel aangeteken word.

(c) Die spasie tussen die grafte mag nader aan mekaar wees en waar nodig of gepas, mag daar van die bepaling van artikel 13 afgewyk word.

17. Getal lyke in een doodkis

(1) Onderhewig aan die bepalings van subartikel (2) en artikel 13(3), mag 'n doodkis slegs een lyk bevat.

(2) Indien die toestemming van die opsigter verkry is en die voorgeskrewe gelde betaal is, mag 'n doodkis meer as een lyk bevat in die geval van —

DRAFT

(a) 'n moeder en kind wat tydens kindergeboorte gesterf het; of
(b) familielede wat —

(i) saam dood is; of

(ii) kort na mekaar dood is, en die teraardebestelling of verassing van die eerste oorlede lid nog nie plaasgevind het nie.

(3) 'n Persoon wat die bepalings van subartikel (1) oortree of wat versuim om die toestemming bedoel in subartikel (2) te verkry' begaan 'n misdryf.

HOOFSTUK 4: TERAARDEBESTELLING

18. Graf persele en grafte

(1) Die Munisipaliteit moet graf persele ooreenkomstig 'n goedgekeurde uitlegplan afbaken.

(2) Niemand mag –

(a) 'n lyk begrawe, tensy die graf van so 'n diepte is dat die bokant van die lyk, of as dit in 'n kis of houer is, die bokant van die kis of houer, nie minder is as 1 050 mm onder die oppervlak van die grond nie wanneer die graf opgevul is;

(b) onderhewig aan die bepalings van artikel 23(7), meer as een lyk in 'n graf begrawe nie, tensy die graf tot so 'n diepte gegrawe is dat aan sub-artikel (a) asook artikel 9(7) voldoen kan word en dat die eerste lyk, of as daardie lyk in 'n kis of houer is, sodanige kis of houer bedek word met 100mm gewapende beton of 300mm grond wanneer die tweede lyk begrawe word; of

(c) 'n lyk van 'n graf verwyder met die doel om sodanige graf te vergroot nie.

(3) In gevalle waar dieper, langer of wyer grafte as die standaardmates ir graf persele verlang word, moet daar minstens 48uur voor die begrafnis plaasvind, aansoek by die Opsigter gedoen word, en 'n addisionele fooi mag gehef word.

(4) Die standaardmates vir grafte is:

(a) Volwassenes (een lyk): 774
- (i) Lengte: 2 200mm
- (ii) Breedte: 1 200mm
- (iii) Diepte: 1 800mm

(b) Volwassenes (twee lyke)
- (i) Lengte: 2 200mm
- (ii) Breedte: 1 200mm
- (iii) Diepte: 2 400mm

(c) Kinders:
- (i)Lengte: 1 350mm
- (ii)Breedte: 600mm
- (iii)Diepte: 1 500mm

DRAFT

(5) (a) Die persoon soos bedoel in artikel 9(3), of die persoon wat die graf gegrawe het, moet na afloop van die begrafnis die omgewing om die graf, insluitend die paadjies en grafte, netjies maak en alle los grond, oorblyfsels of ander materiaal of wat blootgelê is, opruim.

(b) Die verantwoordelike persoon wat die begrafnis reël moet redelike stappe doen om skade aan omringende grafte en gedenksteenwerk te verhoed tydens die begrafnis of seremonie, of die insorting van die grafkante voorkom en gepaste stappe doen om 'n instorting te verhoed.

19. Begrafnis

(1) Die deksel van 'n kis, of waar een kis bo-op 'n ander begrawe is, die deksel van die boonste kis, mag nie minder as 1200mm vanaf die natuurlike grondvlak afwees nie.
(2) 'n Persoon wat vir 'n begrafnis verantwoordelik is moet toesien dat die omliggende eiendom nie beskadig word nie en dat graftes nie inkalwe nie.
(3) Grondhope bo-op grafte mag 'n maand na die begrafnis deur die munisipaliteit verwyder word.
(4) Wanneer 'n begrafnis afgehandel word is dit die plig van die ondernemers of die prsoon wat die graf gegrawe het, om toe te Sien dat daar geen grond of enige ander afval op of in die omliggende areas (paadjies en grafte) is nie.
(5) Enige persoon wat 'n kis in stryd met die bepalings van subartikel (I) begrawe of wat subartikels (2) of (4) oortree, pleeg 'n misdryf.

20. Reservering van graf

(1) 'n Persoon wat 'n graf wil reserveer moet 'n aansoek aan die gemagtigde beampte voorlê en die voorgeskrewe gelde betaal.
(2) 'n Beperking mag op die reservering van grafte geplaas word, en reserverings sal slegs aanvaar word vir grafte vir volwassenes in die monumente afdeling soos bepaal in subanikel (3).
(3) Slegs een aangrensende graf mag vir 'n oorlewende familielid vir 'n periode van 20 jgar gereserveer word, indien voldoende graf spasie beskikbaar is teen betaling van die voorgeskrewe fooi aan die munisipaliteit, onderworpe aan die bepalings van artikel 20 en geen terugbetaling sal gedoen word in die geval waar die reg wat deur die reservering verleen word nie uitgeoefen word nie.
(4) Waar 'n ander persoon, anders as die aansoeker, verkeerdelik'n graf gebruik het moet die opsigter 'n ander graf in die begraafplaas aan die aansoeker toeken.

DRAFT

21. Kindergraf

Die afmetings van 'n kind se graf is dieselfde as wat vir 'n volwassene voorgeskryf word en meer as een kind mag in dieselfde grafbegrawe word, met dien verstande dat daar ten minste 200mm grond tussen die kiste is en dat daar ten minste 1200mm grond tussen die deksel van die boonste kis en die natuurlike grondvlak is.

22. Konstruksiemateriaal van doodkis

(1) 'n Doodkis wat in 'n graf ter aarde bestel word moet van bio-affreekbare materiaal vervaardig wees.
(2) 'n Persoon wat 'n doodkis teenstrydig met die bepalings van subartikel (I) begrawe pleeg 'n misdryf.

23. Getal lyke in een graf

Onderhewig aan die bepalings van artikels 18(2), 20(1) en 22, mag meer as een lyk in 'n enkel graf begrawe word.

24. Lykswa en voertuie in begraafplase

(1) Geen lykswa of voertuig mag 'n begraafplaas binnegaan sonder dat die opsigter se toestemming vooraf verkry is nie.
(2) Geen lykswa of voertuig mag 'n begraafplaas binnegaan anders as deur die roetes wat vir daardie doel opsygesit is nie.

25. Musiek in begraafplaas

Slegs gewyde musiek word in 'n begraafplaas toegelaat, behalwe in die geval van 'n polisie of militêre begrafnis, in welke geval die vooraf toestemming van die opsigter verkry moet word.

26.Nommer op graf

Geen persoon mag 'n lyk in 'n graf begrawe waarop 'n pen gemerk met die nommer van die graf nie aangebring is nie.

HOOFSTUK 5: OPGRAWING VAN LYK EN HER-OOPMAAK VAN GRAF

27. Bepalings vir die opgrawing, verstoring, verwydering of herbegrawe van lyke

(1) Behoudens die bepalings van enige hofbevel of ander wetgewing met betrekking tot die opgrawing of beskikking oor lyke, mag niemand enige lyk in'n begraafplaas opgrawe, verstoor, verwyder of herbegrawe of duld of toelaat dat enige sodanige lyk opgegrawe, verstoor, verwyder of herbegrawe word nie-

(a) sonder die vooraf verkreë skriftelike goedkeuring van die Munisipaliteit;en

(b) in stryd met enige ander wetgewing of sodanige voorwaardes wat die Munisipaliteit en/of enige mediese praktisyn, deur die Munisipaliteit aangestel aangestel, mag bepaal.

DRAFT

(2) Niemand mag 'n lyk opgrawe, verstoor, verwyder of herbegrawe tensy 'n gemagtigde werknemer van die Munisipaliteit of die Opsigter en 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie, nie teenwoordig is nie.

(3) (a) Niemand mag 'n lyk opgrawe, verstoor, verwyder of herbegrawe tensy die relevante graf tydens die proses, indien die Munisipaliteit dit vereis, doeltreffend afgeskerm is nie.

(b) Die persoon verantwoordelik vir die opgrawing van die lyk moet 'n toepaslike houer vir die verwydering van die lyk of oorskot gebruik.

(4) Onderhewig aan die bepalings van 'n hof- of opgrawingsbevel in terme van enige Wet, moet enige persoon wat die skriftelike goedkeuring beoog by sub-artikel (1) wil verkry, skriftelik daarom aansoek doen en moet-

(a) in sodanige aansoek-

(i) meld waar die lyk wat opgegrawe, verstoor, verwyder of herbegrawe gaan word, begrawe is en indien en waar sodanige lyk volgens voorneme herbegrawe gaan word;

(ii) die redes meld vir die voorgenome opgrawing, versteuring, verwydering of herbegrawe; en

(iii) die voorgenome metodes en voorsorgmaatreëls meld, wat aangewend en getref gaan word, om te voorko dat enige gesondheidsgevaar of oorsaak tot oorlas ontstaan; en

(b) saam met sodanige aansoek-

(i) 'n mediese sertifikaat aangaande die datum en oorsaak van dood of 'n gewaarmerkte afskrif van so 'n sertifikaat indien;

(ii) waar die lyk in 'n graf buite die munisipale gebied herbegrawe gaan word die skriftelike goedkeuring indien van-

(aa) die Munisipaliteit in wie se regsgebied die betrokke lyk volgens voorneme herbegrawe gaan word;

(bb) in die geval van 'n privaat begraafplaas, di eienaar of ander persoon in beheer van sodanige begraafplaas waar die betrokke lyk volgens voorneme herbegrawe gaan word;

(iii) Ondersteunende dokumentasie soos deur wetgewing vereis mag word.

(iv) die skriftelike goedkeuring van 'n familielid en indien daar geen sodanige oorlewende familie is nie, die naaste beskikbare volwasse familiebetrekking van die betrokke oorledene.

DRAFT

(5) Waar 'n mediese sertifikaat of enige skritelike goedkeuring by sub-artikel (4) beoog, nie verkry word of kan word, of nie verleen word nie, moet die skriftelike aansoek in die sub-artikel beoog, vergesel gaan van-

(a) volledige besonderhede van die pogings wat aangewend is om sodanige sertifikaat of goedkeuring te verkry; en

(b) volledige redes waarom die onvermoë om sodanige setifikaat of goedkeuring te verkry, nie die verlenging van skriftelike goedkeuring ingevolge sub-artikel (1) behoort te belet nie.

(6) Die Munisipaliteit kan, voordat daar volgens enige goedkeuring ingevolge sub-artikel (1) gehandel word-

(a) enige voorwaardes aldus gestel, wysig, aanpas of skrap; en

(b) bykomende voorwaardes ten opsigte van sodanige goedkeuring stel.

(7) Geen persoon mag 'n graf oopmaak vir die doel om 'n tweede lyk in dieselfde graf ter aarde te bestel nie tensy-

(a) die graf aanvanklik vir hierdie doel dieper gemaak is;

(b) indien nie dieper gemaak is nie, dan slegs nadat 10 jaar verloop het sedert die teraardebestelling van die eerste lyk;

(c) vir die doeleindes om 'n houer bevattende as te begrawe, die diepte nie 300mm oorskry nie; en

(d) die toestemming van die Munisipaliteit verkry is, en

(e) die gelde voorgeskryf deur die Munisipaliteit, indien toepaslik, betaal is.

(8) Indien 'n lyk in oortreding van die bepalings van hierdie Verordening begrawe is, mag die Munisipaliteit, nieteenstaande die bepalings van artikel 23(1), die lyk opgrawe en in 'n ander graf herbegrawe nadat die naasbestaandes van die oorledene verwittig is van die voorgenome proses en die geleentheid gebied is om teenwoordig te wees.

HOOFSTUK 6 VERSORGING VAN GRAFTE

28. Onderhoud aan grafte en graf persele

(1) die persoon in artikel 9(3) bedoel, of die houer van 'n reg om in 'n perseel in 'n munisipale begraafplaas begrawe te word, moet daardie perseel en die gedenksteenwerk en ander bouwerk daarop in 'n goeie toestand hou.

(2) Die Munisipaliteit mag, op aansoek van 'n persoon bedoel in sub-artikel (1) en by betaling van die gelde deur die Munisipaliteit voorgeskryf, onderneem om enige graf vir enige tydperk te onderhou.

(3) Die Munisipaliteit mag in sy diskresie onderneem om enige graf vir enige tydperk op sy eie onkoste te onderhou.

DRAFT

(4) Niemand mag-

(a) Sonder die toestemming van die Opsigter 'n boom of struik op 'n graf perseel plant nie; of
(b) Material, wat tydens doe skoonmaak van 'n graf perseel in die munisipale begraafplaas verwyder word, op enige ander plek in die begraafplaas as die wat vir sodanige doel verskaf is nie.

(5) (a) die Opsigter kan gras, enige struik, plant of blom in 'n munisipale begraafplaas snoei, afsny, laat uithaal of verwyder wat na sy oordeel onooglik is, of wat vir ordelike instandhouding nodig mag wees.
(c) 'n Opsigrer mag natuurlike of kunsblomme en enige houer of ander voorwerp wat op 'n graf geplaas is, verwyder indien dit verdroog, verflenterd of beskadig is.

(6) Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige verlies of skade aan enige gedenksteenwerk of enige voorwerp wat op enige graf perseel geplaas is nie en ook nie vir enige vergoeding ten opsigte van enige gedenksteenwerk wat vir welke rede ook al verwyder of herstel is nie.

HOOFSTUK 7 : VERASSING

29. Houers en as

(1) Tensy die as deur die Munisipaliteit begrawe gaan word, moet die persoon bedoel in artikel 10(1) 'n houer voorsien waarop die volle naam van die oorlede persoon aangetoon is.
(2) Die as moet, na verassing, deur die persoon bedoel in artikel 10(2) afgehaal word en indien hy of sy sou versuim om die as afte haal, sal die as mee gehandel word ingevolge artikel 30(1).
(3) Waar dit beoog word om 'n houer in 'n nis in die kolumbarium te plaas—

DRAFT

(a) moet dit — (i)van hout of klip gemaak wees; en
(ii)van 'n grootte en ontwerp wees om in die nis te pas; en
(b) indien die nis nie bedoel is om geseël te word nie, moet daarop bevestig wees 'n plaatjie waarop die volle naam van die oorlede persoon gegraveer is.

30. Begrawing en opgrawing van as

(1) Waar daar nie 'n reëling tussen die opsigter en die persoon bedoel in artikel 29 met betrekking tot as getref is nie, mag die opsigter die as in 'n tuin van herinnering begrawe of strooi, waar sodanige fasiliteit beskikbaar is.
(2) 'n Persoon mag as stort in 'n — (a) graf; of
(b) rus in 'n — (i)kolumbarium;
(ii) muur van herinnering; of (iii) gedenkteken.
(3) 'n Persoon moet die toestemming van die opsigter verkry indien hy of sy van voorneme is om — (a) as in 'n graf te begrawe;
(b) as uit 'n graf op te grawe; of
(c) as te strooi; en die opsigter moet, by ontvangs van betaling van die voorgeskrewe gelde — (i) skriftelike toestemming aan die aansoeker verleen om die as te begrawe, opgrawe ofte strooi; en
(ii) in die geval van begrawe of opgrawe, die graf daarvoor voorberei.
(4) 'n Graf vir die begrawe van as of 'n nis in 'n kolumbarium moet 61 Omm in lengte, 61 Omm in breedte en 61 Omm in diepte meet.

31. Verassingsertifikaat

(1) Die opsigter moet by voltooiing van 'n verassing, 'n verassingsertifikaat aan die persoon bedoel in artikel 29(1) voorsien.
(2) Die opsigter moet op aansoek en by betaling van die voorgeskrewe gelde, 'n duplikaat verassingsertifikaat aan 'n persoon voorsien.

HOOFSTUK 8: OPRIGTING EN ONDERHOUD VAN GEDENKSTEENWERK

32. Toestemming van Munisipaliteit

(1) Geen persoon mag sonder die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit enige gedenktekenwerk by 'n begraafplaas inbring, oprig, verander, verf, skoonmaak, restoureer, versier, verwyder of andersins daarmee inmeng nie, of enige inskripsie daarop aanbring nie.
(2) Wanneer gedenktekenwerk opgerig word, moet die volgende voorsien word:
(a) 'n plan wat 'n aanduiding verstrek van die afmetings en ligging;
(b) spesifikasies van die materiaal waarvan die gedenktekenwerk vervaardig gaan word; en (c) die bewoording op die grafskrif.
(3) Die plan moet 30 dae voordat die oprigting 'n aanvang neem voorgelê word en die munisipaliteit mag na goeddunke voorwaardes vasstel.
(4) Geen persoon mag enige materiaal vir die vervaardiging van gedenktekenwerk by 'n begraafplaas inbring nie, tensy:
(a) die bepalings van subartikels (I) tot (3) nagekom is; en
(b) bewyse van die betaling van alle gelde verskuldig ten aansien van sodanige graf voorgelê is.
(5) Die Munisipaliteit se toestemming vir die voorgestelde werk is slegs vir ses maande geldig, en indien die gedenktekenwerk nie binne die voorgeskrewe tydperk opgerig is nie, moet 'n nuwe aansoek voorgelê word.

DRAFT

(6) Die grafnommer moet op 'n vakkundige wyse aangetoon word in syfers wat 30mm in grootte is.

(7) 'n Persoon wat die bepalings van subartikels (l),(4)(a) of (6) oortree begaan 'n misdryf.

33. Vereistes vir oprigting van gedenktekenwerke

(1) 'n Persoon wat 'n gedenktekenwerk oprig moet aan die volgende voldoen:

(a) hy of sy moet in besit wees van 'n plan wat deur die munisipaliteit goedgekeur is;

(b) alle werk moet voldoen aan die voorwaardes wat ingevolge artikel 32(3) opgelê is;

(c) die verrigtinge moet van so 'n aard wees dat geen skade aan enige struktuur veroorsaak word nie en dat geen aanstoot gegee word nie;

(d) waar die gedenkteken 'n voetstuk op grondvlak of op die berm het, mag die voetstuk nie meer as 900mm in lengte, 250mm in breedte en 250mm in hoogte vir 'n enkel graf, en nie meer as 2700mm in lengte, 250mm in breedte en 250mm in hoogte vir 'n dubbel graf, wees nie; e die naam van die vervaardiger mag met die naasbestaandes se toestemming op 'n gedenktekenwerk vertoon word, maar geen adres of ander besonderhede mag bygevoeg word nie, en die spasie wat dit in beslag neem mag nie groter as 40 x 100mm wees me;

(f) teëls in die Tuin van Herinnering moet 240mm x 300mm groot wees en uit korrosiebestande metaal bestaan; en

(g) na oprigting van 'n gedenktekenwerk moet alle ongebruikte material verwyder word en die aangrensende areas netjies- en skoongemaak word, en enige skade wat in die proses veroorsaak is moet reggemaak word op onkoste van die persoon wat die skade veroorsaak het, en indien die betrokke party sou versuim om herstelwerk te onderneem, nadat hy daarvan in kennis gestel is, sal die munisipaliteit sodanige remediërende werk op die koste van die persoon wat die gedenktekenwerk opgerig het onderneem.

(2) n Persoon wat nie aan die bepalings van subartikel (l) voldoen nie begaan 'n misdryf.

34. Plasing, beweging en verwydering van gedenktekenwerke

(1) Geen persoon mag 'n gedenktekenwerk op 'n graf oprig alvorens die posisie waarin sodanige gedenktekenwerk geplaas gaan word deur die munisipaliteit aangedui is nie.

(2) Indien die bepalings van subartikel (1) nie nagekom word nie, het die munisipaliteit die reg om die posisie van die gedenktekenwerk te verander en die koste te verhaal van die persoon wat die gedenkteken opgerig het.

(3) Waar 'n gedenktekenwerk aanvanklik in 'n sekere posisie geplaas is met die uitdruklike toestemming van die munisipaliteit of sy werknemer, word enige verandering van die posisie ingevolge hierdie artikel op die koste van die munisipaliteit uitgevoer.

(4) 'n Gedenktekenwerk wat geplaas, opgerig, gebou, verander, versier, geverf of andersens mee gehandel word op 'n wyse wat teenstrydig is met die bepalings van hierdie verordening mag, na behoorlike kennisgewing, deur die munisipaliteit verwyder word op koste van die persoon wat dit opgerig het, en geen vergoeding sal betaal word nie.

35. Herstelwerk aan gedenktekenwerke

(1) Indien die persoon wat 'n gedenktekenwerk opgerig het toelaat dat dit sodanig verval dat dit gevaar inhou of die begraafplaas ontsier, mag die munisipaliteit 'n kennisgewing van voldoening soos bedoel in artikel 56 op sodanige persoon beteken.

(2) Indien die persoon soos bedoel in subartikel (l) versuim om aan die kennisgewing van voldoening gehoor te gee, mag die munisipaliteit die gedenktekenwerk afbreek of verwyder en die kostes verbonde aan sodanige afbreek of verwydering van die persoon op wie die kennisgewing beteken is verhaal.

DRAFT

(3) Indien die persoon bedoel in subartikel (I) nie opgespoor kan word nie, mag die munisipaliteit die gedenktekenwerk afbreek of verwyder.

36. Toesighouding oor werk

'n Persoon wat besig is met werk in 'n begraafplaas moet die werk onder die toesig van die opsigter onderneem en enige versuim om sy of haar instruksies na te kom is 'n misdryf.

37. Vervoer van gedenktekenwerke

Geen persoon mag enige stene, bakstene of gedenktekenwerk in 'n begraafplaas op 'n voertuig of vragmotor vervoer wat skade aan die paaie of gronde of strukture van die begraafplaas mag veroorsaak nie.

38. Voertuie en gereedskap

Enige persoon wat besig is met werk op 'n graf of perseel moet seker maak dat die voertuie, gereedskap en toerusting van so 'n aard is dat hierdie verordening nie oortree word nie en dat dit nie enige pad blokkeer nie.

39. Tye vir inbring van materiaal en doen van werk

(1) Geen persoon mag gedurende enige ander tyd as die amptelike werksure van munisipale werknemers van Maandag tot Vrydag enige gedenktekenwerk of materiaal by 'n begraafplaas inbring of werk verrig nie, behalwe die aftakeling van gedenktekenwerke vir begragrafnisdoeleindes.

(2) Geen persoon mag werk verrig wat steurend mag wees wanneer 'n begrafnis gehou word nie en dit geld vir die duur van die begrafnis.

40. Bewys van skriftelike toestemming

'n Persoon enige werk verrig of op pad is na of van werk in 'n begraafplaas, moet op aandrang van die munisipaliteit, die skriftelike toestemming toon wat ingevolge artikel 32 uitgereik is.

41. Gedenktekenwerke in krematorium

(1) Tensy 'n lyk in 'n krematorium veras is, of indien 'n verassingsertifikaat uitgereik deur 'n ander krematorium voorgelê word, mag geen persoon sonder die voorafverkreë toestemming van die opsigter 'n gedenksteenwerk in 'n krematorium oprig nie.

(2) 'n Gedenksteenwerk

(a) indien opgerig in 'n tuin van herinnering:

ımoet van marmer of graniet gemaak wees; en

(ii)mag nie 250mm in wydte, 305mm in lengte en 25mm in dikte oorskry nie;

(b) indien dit beoog word om 'n nis te seël, moet die grootte en materiaal pas by die gedenksteen langsaan, en 'n foto van die oorlede persoon mag daarop aangebring wees; of

(c) op 'n graf, mag nie 1,2m in hoogte, 61 Omm in lengte en 610mm in dikte oorskry nie.

42. Verwaarlosede gedenksteenwerk

(1) Wanneer ook al die persoon wat 'n gedenksteenwerk in 'n munisipale begraafplaas opgerig het toelaat dat dit sodanig verval, as wat na die oordeel van die Opsigter 'n gevaar inhou of wat die munisipale begraafplaas ontsier, mag die Opsigter by skriftelike kennisgewing aan die persoon se laaste bekende adres, en van hom vereis om sodanige herstelwerk te verrig wat in die kennisgewing vermeld word, en waar die adres van sodanige persoon onbekend is, moet die kennisgewing vir twee agtereenvolgende weke eenmalig in 'n koerant wat in die gebied versprei word gepubliseer word.

DRAFT

(2) Die Munisipaliteit kan by versuim om die vereiste herstelwerk binne drie maande vanaf betokening of publikasie van die kennisgewing te dien, die herstelwerk doen of die gedenksteenwerk verwyder sonder om vergoeding te betaal en mag die koste vir sodanige herstelwerk of verwydering van sodanige persoon verhaal indien moontlik.

43. Statebond Oorlogsgrafte

Die grafte van persone wat gesneuwel het in oorloë en na wie se grafte omgesien word of wat in stand gehou word deur die Statebond Oorlogsgraftekommissie ingevolge die Statebond Oorlogsgraftewet, 1992 ,(Wet 8 van 1992), of die Suid Afrikaanse Erfenisbronneagentskap ingevolge die Nasionale Erfenisbronnewet, 1999 (Wet 25 van 1999), of deur enige ander erkende liggaam, of deur enige ander regering mag, deur 'n aansoek aan die munisipaliteit te rig, van die bepalings van hierdie hoofstuk vrygestel word.

HOOFSTUK 9 : AFDELINGS IN BEGRAAFPLASE

44. Munisipaliteit mag afdelings instel

Die munisipaliteit mag een of meer van die volgende afdelings in 'n begraafplaas instel.

(a) monumente afdeling;
(b) ope afdeling;
(c) estetiese afdeling;
(d) berm afdeling;
(e) Helde-akker; en
(f) Tuin van herinnering

DRAFT

45. Monumente afdeling

(1) Gedenksteenwerke mag op die hele oppervlakte van die graf opgerig word onderhewig aan die voeldoening van die bepalings van artikel 33 en mits die volgende afmetings nie oorskry word nie :

(a) Hoogte: 2000mm

